PEB

# DIE VIERDE

# DILEMMA

2de Uitgawe

**Pieter Erens Barkhuizen Th.D**

**Vertaal deur: Elmarie Van Rooyen (B.A.) (NWU)**

Proefleser: Corrie Symons

Koördinaat: George Enslin

**Comment:** Ek het vir my dosente gevra en soos wat dit nou hier staan is hoe dit gedoen word.

## VOORWOORD

**Hierdie boekie het net EEN HOOFSTUK en sommige van die hoofgedagtes is gemerk sodat dit uitstaan. Die rede waarom dit so gedoen is, is om seker te maak dat jy nie doen wat ek soms doen nie: Ek lees gewoonlik die hoofstukke met die opwindendste titels, en in die proses ignoreer ek die belangrikste.**

**Hierdie klein "leraar" word opgedra aan die vrymoedige en dapperes en aan diegene wat vrymoedig en dapper wil wees. In ons soektog om die finale waarheid en kennis te ontdek, moet ons oor TWEE KARAKTEREIENSKAPPE beskik. Eerstens, moet ons heeltemal EERLIK met onsself wees en tweedens, moet ons VREESLOOS wees vir dit wat ander mag dink of sê wanneer ons iets glo wat teenstrydig is met dit wat hulle glo. Dan, en slegs dan, sal die Waarheid ons vry maak, en ons sal inderdaad saam met die dapperes getel word.**

**PEB**

Neem asseblief hierdie Gratis kopie van een van die mees uitdagende boekies wat jy ooit kan lees. Dit is geskryf teen die agtergrond van die nuut vasgestelde TIEN GEBOOIE KOMMISSIE, en die jaarlikse viering van die TIEN GEBOOIE DAG.

Vind uit of dit moontlik is om die Tien Gebooie terug in ons skole , werkplekke en in mense se harte te kry, en terselfdertyd hulle teen die kruis vas te nael.

**Indien u dié boekie vanaf u rekenaar se skerm wil lees, vergroot dit na 150%, deur op die % blokkie te klik.**

Regter Roy Moore se Tien Gebooiemonument het ’n baken geword in die regsgeding oor die rol van geloof in die Amerikaanse regering. Moore het gedien as streeksregter in Gadsden, Alabama, voordat hy as hoofregter van die Alabama Hooggeregshof gekies is in 2000. Gedurende hierdie periode het hy die Tien Gebooie, uitgegraveer op tuisgemaakte houttablette, in sy regsaal vertoon. Hy het ook ’n granietmonument laat oprig in die voortportaal van die staat se regsgebou, nadat hy die hoofregter geword het. ’n Federale regter het egter beslis dat hierdie tentoonstelling verwyder moes word, omdat hy dit as ’n ongrondwetlike bevoordeling van ’n godsdiens gesien het. Moore het geweier, maar die ander agt Hooggeregshofregters het die oorspronklike besluit van die federale regter ondersteun, en hulle het die monument in Augustus 2003 verwyder. In November 2003 het ’n geregshof van die staat Moore geskors omdat hy geweier het om die federale regter se opdrag uit te voer. Moore se 5 280 pond monument word nou vertoon by die Cross Point Community Church in Gadsden, Alabama. Hulle het die oprigting van die monument op Vrydag 29 April 2005 in die vergaderingkamer van hierdie Suid-Baptiste kerk se nuwe heiligdom, gevier.

Dit is teen hierdie agtergrond wat daar in die Amerikaanse Hooggeregshof gedebatteer `is oor die kwessie van die tentoonstelling van die Tien Gebooie in publieke plekke, insluitend die tentoonstelling daarvan in hulle eie regsaal.

Dit pryk alreeds op die voorkant van die majestueuse federale hooggeregshof van die VSA in Washington.

Ek wonder hoeveel van daardie advokate wat so gretig en ywerig stry oor die plek van die Tien Gebooie, het al stadig deur die Gebooie van God gelees. Het JY dit al ooit gedoen? As jy dit al gedoen het, sal jy dalk nie verbaas wees oor wat ek ontdek het nie: Ons het ’n groot probleem met die VIERDE GEBOD. Kom ons lees dit in die 1953 vertaling van die Afrikaanse Bybel.

> Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, *of* jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
> Eks. 20:8-11

Het jy al ooit aandagtig na jou gewone maandelikse kalender gekyk? Hoekom gaan kyk jy nie sommer nou nie? Kyk miskien na jou dagboek of die hardewarewinkel-kalender teen die yskas se deur. Sien jy dat die eerste dag van die week Sondag is, en die sewende dag Saterdag is? Kom ons wees nou EERLIK met mekaar: Sê die vierde Gebod dat die SABBAT die EERSTE dag is, of sê dit dat dit die SEWENDE dag is? Die **dilemma** wat baie Protestantse predikante ervaar, duik op wanneer hulle op die kansel staan en oor die Tien Gebooie preek. Soms bied hulle selfs ’n reeks preke aan oor die Tien Gebooie. Die dilemma . . .? Die dilemma het te make met ’n sleutelvraag – ’n vraag wat jy nie met ’n eenvoudige “ja” of “nee” kan beantwoord nie. Dit moet gemotiveer word.
Die vraag: Hoe kan ek ’n hele preek gee oor die vierde Gebod, sonder om een spesifieke woord te VERVANG met ’n ander woord, en sonder dat my lidmate onraad vermoed? Wat sal daardie woord wees? Die woord “SEWENDE”, en baie predikante wens kliphard dat daar “EERSTE” gestaan het!

Ek hoop dat jy sal saamstem dat ons nie sommer net die vierde Gebod kan VERANDER om Sondaghouding te vergemaklik en te waarmerk nie.

Wat sal gebeur as die Amerikaanse regering besluit om die "veranderde" vierde Gebod AF TE DWING op sy burgers? Die meeste Christen-regters is Sondaghouers, hulle sal moet rekening hou met miljoene Jode en selfs nog meer miljoene ander sabbathouers.

Daar is nogal 'n noemenswaardige aantal militante sogenaamde *Lord's Day Groups*, hulle is internasionaal en interkultureel werksaam. 'n Tydjie gelede, het ek 'n brief van *Destiny Editiorail Letter Service* ontvang, onder die opskrif: *Special Alert No. 29*, Howard B. Rand, L.L.B., Editor. Ek is onder die indruk dat 'n aantal regeringsleiers en vooraanstaande burgers op hulle adreslys verskyn.

Waaroor gaan *Special Alert No. 29?* Hierin word verwys na die Bybelkenner Adam Clark en dit is 'n poging om Sondaghouding te bewys. Hier volg die verklaring: "Die eerste dag van die week, word gesien as die Christelike sabbat, omdat Jesus Christus op hierdie dag uit die dood opgewek is; dus, word dit die Here se dag genoem, en dit **het die plek ingeneem** van die Joodse sabbat dwarsdeur die Christelike wêreld". Die skrywer haal dan **Openbaring 1:10** aan, waarin Johannes sê "in die Gees op die dag van die Here".

Hierna volg 'n uitdagende verklaring van Howard B. Rand: ". . . as 'n volk, ly ons in elke opsig: ekonomies, polities ensovoorts, omdat ons versuim om 'n Sabbat **in te stel** wat deur die hele nasie, eendragtig, deur die lengte en breedte van ons land, onderhou kan word. As ons as 'n volk nie ten gronde wil gaan, as gevolg van die toenemende vervolging uit God se hand nie, moet teenkanting vir Sondag as **nasionale** sabbat eindig. Dit is die **regering** se plig om die onderhouding van die sabbat **af te dwing**. Deur nasionale uitvaardiging en wetgewing is Sondag, wat deur ses werksdae voorafgegaan word, gevestig as die **sabbat van ons volk**. Die sogenaamde **blou wette** is gemaak om die heiliging van hierdie dag **af te dwing**."

Die redakteur, Howard B. Rand maak dan, ten slotte, die volgende stelling: "Ons is van mening dat die Sabbatariërs definitief daarvoor verantwoordelik gehou kan word, dat daar 'n toename is in die ontheiliging van hierdie **nasionaalaangewysde sabbatdag**."

Die implikasie van hierdie stellings is verreikend. Dit word duidelik voorgestel dat **alle natuurfratse, ekonomiese gevare en morele verval** wat die Verenigde State tref, toegeskryf sal word aan die sewende-dag-sabbat-houers. Dit sal aan die hand gedoen word dat God aanstoot neem as mense Sondag nie heilig hou nie, en dat **hierdie** spesifieke sonde die rede is vir alle probleme en rampe. Die enigste manier waarop hierdie rampe gestop kan word, sal deur die ingryping van die regering wees, wat Sondagaanbidding sal **afdwing**. Om die waarheid te sê, niemand moet verras wees nie, as die regering, aangemoedig deur Sondag-militantes, daarop aandring dat jy die wette van die land gehoorsaam moet wees, **omdat dit gelykstaande aan God se wet is**! As jy nie hiermee wil saam gaan nie, kan jy vervolg word, en jy kan bestempel word as iemand wat God se oordeel oor die land bring.

Die Amerikaanse regering sal verskeie bepalings van die grondwet **oortree**, wanneer 'n godsdienstige dag van aanbidding afgedwing word: "Die Amerikaanse wetgewende liggaam sal geen wette maak wat gevestigde godsdiensde respekteer nie en wat die vry beoefening daarvan aanmoedig nie." Dink jy so 'n verbreking is moontlik?

Onthou, die Duiwel sit agter dit alles. Hy werk deur godsdienstige én sekulêre instansies en hy moedig hulle aan om wette op burgers af te dwing wat teenstrydig is met God se Tien Gebooie.

Ek het groot geword op die platteland in Suid-Afrika en is grootgemaak deur Christen-ouers, wie my elke Sondagoggend na die NG kerk geneem het. Dit was hoe ek groot gemaak is, en dit was die tradisionele ding wat 'n Christen op 'n Sondag gedoen het. Ek het geen rede gehad om "die dag" te bevraagteken nie. Alles het goed gegaan totdat ek gekonfronteer is, met **wat die vierde Gebod REGTIG sê.**

Op hoërskool het ek 'n meisie gehad wat 'n Sabbat-Christen was. Ek het besluit om haar 'n bietjie "reg te help" met haar snaakse, "**JOODSE**" geloof. Ek was 'n jong seun, en ek het nie veel in godsdiens belang gestel nie. Tog was ek altyd reg vir enige argument of uitdaging. Na ons aanvanklike konfrontasie, het sy my uitgedaag om vir haar **EEN** enkele verwysing in die Bybel te gee waar die sabbat omgeruil is met Sondag. Daar het 'n groot verrassing en verleentheid op my gewag! Nodeloos om te sê, kon ek nie met enige Bybelverse vorendag kom, wat Sondaghouding staaf nie. Maar aan die anderkant, kon ek nie sommer net die feit aanvaar dat my ouers, my kerk en my predikant almal verkeerdelik die Sondag, die eerste dag van die week, onderhou in plaas van Saterdag, die sewende dag van die week, as God se ware sabbat nie.

Een van die mees verbysterende stellings waarteen ek nog ooit te staan gekom het, was toe my meisie die volgende uitdaging, wat 'n evangelis aan haar 'n rukkie tevore gegee het, aan my rig:

DIE VERMISTE TEKS

'n Paar jaar gelede het Rooms-Katolieke priester, T. Enright, van *Kansas City, Mo,* die volgende uitdaging gemaak: "Ek het herhaaldelik 'n $1 000 aangebied vir enige iemand wat kan bewys, uit die **BYBEL** alleen, dat ek verplig word om Sondag te gedenk. Daar is nie so wet in die Bybel nie. Dit is 'n wet van die Katolieke Kerk alleen. Die Bybel sê: 'Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.' Die Katolieke Kerk sê: "Nee, deur my goddelike mag skaf ek die sabbatdag af, en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou." En siedaar! **DIE HELE BESKAAFDE WÊRELD** buig neer in eerbied en gehoorsaamheid aan die heilige Katolieke Kerk." Hierdie aanbod word herhaal, 'n verhoogde bedrag van $1 miljoen word belowe aan enige persoon wat **EEN BYBELVERS** kan kry wat enige **EEN** van die volgende stellings kan bewys: dat

1. Sondag/die eerste dag die Here se Dag is;
2. Sondag/die eerste dag geseën en geheilig is;
3. Christus Sondag/die eerste dag onderhou het as die sabbatdag;
4. die apostels Sondag/die eerste dag as sabbat gehou het;
5. Sondag/die eerste dag die opstanding herdenk;
6. ons nie op Sondag/die eerste dag moet werk nie;
7. Sondag/die eerste dag die Christelike sabbat is;
8. Sondag/die eerste dag die nuwe dag van aanbidding is;
9. Christus Sondag/die eerste dag heilig verklaar het; of dat
10. die sewende-dag-sabbat slegs vir die Jode gemaak is.

**Alle Bybelversies moet uit die NT King James weergawe kom**.

En so het ek 'n ondersoek aangepak na die geloof en leringe van dit wat ons noem, die "Sabbatariërs". Kom saam met my op my soektog, en laat ons daardie sabbathouers wys hoe verkeerd hulle is! Een ding waaroor ons moet saamstem as ons met die onverhandelbare wet van God te doen het, is: Ons is besig met 'n area waar **GEEN KOMPROMIEË** aangegaan word nie!

**Ek wil graag op drie vrae fokus: Is die Tien Gebooie steeds geldig en bindend op Christene vandag? Het die vierde Gebod verval of is dit deur God verander? Waarop kan mense die versekering van hulle saligheid baseer?**

Een van die metodes wat ons sal gebruik in ons ondersoek, is om die besware en vrae wat mense teen hierdie drie vrae inbring, te evalueer. Dink jy dat God ons sal help in ons eerlike soektog na die waarheid? Hier is die belofte: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, **sal Hy julle in die hele waarheid lei**". (Joh. 16:13)

Ek het gevind dat die meeste Christenpredikante glo, of ten minste preek oor die blywende aard van en gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie. Om die waarheid te sê, jy het dalk al gehoor dat baie Christen leiers nou die jaarlikse viering van die Tien Gebooie Dag ondersteun. Die eerste jaarlikse viering was op 7 Mei 2006.

Dwight L. Moody, het 'n boek geskryf, *Weighed and Wanting*, op bl. 15 staan "die gebooie wat God vir Moses op die berg by Horeb gegee het, is nog steeds bindend . . ." As 'n sabbathoudende predikant so 'n verklaring sou maak, sou hy onmiddellik uitgekryt word as "wetlik" en dat hy in verlossing deur die werke van die wet glo. Let op wat Moody oor die sabbatgebod sê, in dieselfde boek op bl. 46. "Ek glo eerlik dat hierdie gebod vandag net so bindend is, as wat dit in die verlede was. Ek het al met mense gepraat wat sê dit is af geskaf, maar hulle kon nog nooit 'n plek uitwys in die Bybel waar God dit teruggetrek het nie. Toe Christus op aarde was het Hy niks gedoen om dit ongeldig te verklaar nie."

Daar is verskeie kere aan my gesê dat Jesus weggedoen het met die Tien Gebooie. Maar die Bybel beeld Jesus uit as die perfekte voorbeeld van hoe om volgens die beginsels van God se wet te leef.

> Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.
>
> Matt. 5:17-18

Jesus het nie gekom om die Tien Gebooie te vernietig of weg te neem nie, om die waarheid te sê, **Hy het mense gewaarsku om dit nie te doen nie.**

> Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.
>
> Matt. 5:19

Ek glo dat wanneer iemand fout vind met die Tien Gebooie, kan jy maar seker wees dat daardie persoon een van die gebooie oortree.

Baie mense wat beswaar het teen die sabbat sê dat Jesus slegs klem gelê het op twee gebooie: wees lief vir God en wees lief vir jou naaste. Lees saam met my Matt. 22:37-40.

> En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

**Christus was nie besig om enige nuwe leerstellinge hier te gee nie**. Sy antwoord op die vraag: "Meester, wat is die groot gebod in die wet?" is amper 'n direkte aanhaling uit die Ou Testament. Sien Deuteronómium 6:5: "Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." Sien ook Levítikus 19:18: "(M)aar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE."

Volgens Jesus, verduidelik hierdie opsomming van die Tien Gebooie iets baie interessant aan ons. God het die Tien Gebooie op twee kliptafels geskryf: die eerste vier gebooie, beskryf ons reaksie op ons Skepper – omdat ons lief is vir Hom. Die ander ses gebooie wys ons houding van liefde teenoor ons naaste. Lees hierdie verse en sien of jy daarmee saamstem dat al hoe ons enige van die Tien Gebooie kan hou, is om die beginsels van goddelike liefde eerstens in ons eie hart gegraveer te hê.

"Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet." (Rom. 13:10) Die vers sê nie "die liefde verwyder die wet" nie. Dit beteken eenvoudig dat liefde die rede en motivering vir ons gedrag teenoor God en ons medemens is.

Ek het tot die volgende slotsom gekom: Dit wat die Ou en Nuwe Testament "gehoorsaamheid" noem, word deur baie predikante bestempel as "verlossing deur werke". Moenie dat enige iemand sê jy is "wetlik" net omdat jy so lief is vir Jesus, dat jy sy gebooie onderhou nie.

Comment: addendum punt 4

Die motivering vir gehoorsaamheid is liefde, maar die motivering vir wetgehoorsaamheid is werke.

Die Bybel is baie duidelik wanneer dit sê dat **beide die wet en die genade** bestaan het vandat Adam gesondig het – die wet, om sonde te definieer en straf, en die genade, om van sonde te bekeer en te red. "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Rom. 3:23) – dit is ons algemene probleem. "As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Joh. 1:9) – dit is hoe genade vir ons werk.

Baie gewilde predikante probeer onderhouding van die ware sabbat as ongeldig te verklaar deur te sê dat; 'ons nie meer onder die wet is nie', vandat Jesus aan die kruis gesterf het, is ons onder genade. Vir een of ander rede probeer hulle nie hierdie selfde beginsel op die ander nege gebooie toe te pas nie! Dat daar vóór die kruis net wet bestaan het en geen genade nie en ná die kruis net genade en geen wet, is eenvoudig onskriftuurlik. Stem jy saam met hierdie afleiding?

Kyk 'n bietjie wat Abraham gedoen het; "omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het." (Gen. 26:5) En dit was lank voor Sinai.

Vanaf Adam se tyd tot en met vandag, het God se plan van verlossing altyd dieselfde gebly. Dit was nog nooit deur werke nie, maar nog altyd deur genade en geloof.

Het jy al van goedkoop genade gehoor? Luister hierna:

> Ek is "gered deur genade", o, vreugdevolle toestand!
> Ek kan elke dag sondig en nog steeds aanspraak maak op kwytskelding.
> Niks in die wet het enige aanspraak op my nie,
> Omdat ek "onder genade" is, is ek heeltemal vry.
> Ek kan ander gode dien so gereeld as wat ek wil,
> En steeds 'n skoon gewete hê – heeltemal op my gemak
> Beelde van allerhande soorte kan ek aanbid en vereer,
> Aangesien ek "vry van die wet is" – nie gebonde meer nie,
> Kan ek "onder genade" bly tot die dag wat ek dood gaan,
> Al ontheilig en ontken ek God se naam,
> "Gedenk die sabbatdag" was nie vir my of jou nie:
> Dit was "onder die wet" en net vir die Jood.
> My vader en moeder hoef ek nie te eerbied nie;
> Dit geld net vir diegene wat God se genade verwerp.
> Ek kan doodmaak, verag en almal haat,
> En steeds welkom wees by die hemelpoort
> En egbreuk, betreffende dit wat gehoor is by die berg Sinai,
> Ek kan elke belofte breek en nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.
> En aangesien dit "deur genade" is wat "ek voor die Here kniel,"
> Is ek vry om my naaste te beroof, plunder en besteel
> En as ek daagliks vir my naaste jok,

> sal ek nie verantwoording doen in die hiernamaals nie.
> Ek kan my naaste se goed begeer, selfs sy vrou,
> En nog steeds “gered word deur genade” elke dag van my lewe
> So kom ons wees almal op ons hoede vir die Sabbatariërs se geloofsbelydenis:
> Dat dit “genade” is wat “gehoorsaamheid” **produseer**, wat almal van ons nodig het!
> (Outeur onbekend)

Baie argumente teen God se Tien Gebooie word telkens aangegee vir geen ander rede, as om sy gedenkteken, sy heilige dag van rus, te vernietig nie. Jesus het ’n baie spesiale **rede** gehad vir die instelling van die sewende-dag-sabbat.

Net soos wat Hy baie jare later ’n rede gehad het om die nagmaal in te stel. Die REDE waarom nagmaal ingestel is, is ’n GEDENKTEKEN, vergelyk 1 Korinthiërs 11:26 “want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.” Dit verwys na die ERKENNING VAN JESUS AS VERLOSSER.

Die REDE vir die totstandkoming van die Here se sabbat as GEDENKTEKEN vind ons in Exodus 20:8, 11.

> “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig [...] Want in ses dae het die H**ERE** die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die H**ERE** die sabbatdag geseën en dit geheilig.”

Dit verwys na die ERKENNING VAN JESUS AS SKEPPER.

Die vierde Gebod sê: “Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.” Die woord *daarom* beteken “rondom wat genoem is; om dié rede” (HAT:133). En daardie rede is: “Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus.” God vra ons om op die sewende dag te rus om te wys dat ons glo Hy het die hemel en die aarde geskape. Maak dit sin? Die kruisiging van Jesus het nie weggedoen met die nodigheid vir die mens om God as Skepper te erken nie. In die volgende vers vind ons die onderskeid tussen die ware God en valse gode: “Want al die gode van die volke is afgode, maar die HERE het die hemele gemaak.” (Ps. 96:5) Alle valse gode kon nege van die Tien Gebooie gegee het, maar net Een Waaragtige God kon sê: “Want in ses dae het Ek die hemel en die aarde gemaak, en op die sewende dag gerus.”

Gaan lees nou hoe Jona sy God aan sy mede skeepsmaats voorgestel het: “En hy antwoord hulle: Ek is ’n Hebreër, en ek vrees die Here, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het.” (Jona 1:9)

In die Nuwe Testament het die dissipels die volgende gebed gebid: “En toe hulle dit hoor, het hulle eendragtig die stem tot God verhef en gesê: Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het”. (Hand. 4:24) Hulle is besig om direk uit die sabbatgebod aan te haal!

Let op die spesiale verwysing na God se laaste oordeelsuur in Openbaring 14:7 “en hy het met ’n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.”

Wanneer ons God se sewende-dag-sabbat onderhou, demonstreer ons dat ons die evolusieleer verwerp en die Genesisverhaal van die skepping aanvaar en hiermee saam, God as Skepper.

Nadat God binne ses dae hierdie aarde geskape het, het hy nog een ding geskep, ’n ewigdurende gedenkteken – ’n spesiale dag – geseën, geheilig, en afgesonder. Hierdie dag is nie net daar vir fisiese rus of aanbidding nie, maar in besonder is dit sy Heilige Dag. En daarom

is die sabbat God se eiendom, iets spesiaals wat Hy vir sy plesier geskep het. Sien jy God se groot genade wanneer Hy die mens uitnooi om deel te neem aan die seën van sy Heilige Dag? Soveel so dat Jesus gesê het: "Die sabbat is gemaak vir die mens". (Mark. 2:27) Met ander woorde, "OOK" vir die mens.

Hier is die bewys en die Bybel is baie duidelik

> So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.
>
> Gen. 2:1-3

In die Ou Testament het die sabbat 'n baie dieper betekenis gehad as net "nog 'n dag".

> Spreek jý met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik **my sabbatte** onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig. [...] Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig **'n teken**; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.
>
> Eks. 31:13,17

"En heilig my sabbatte; en hulle sal **'n teken** wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is." (Eseg. 20:20) Hierdie verse verduidelik waarom die sabbat **'n teken** is. Deur die onderhouding van die sabbat, erken die mens God as Skepper en die enigste Een wat waardig is om aanbid te word. Dit dui ook aan dat die sabbathouer betrokke was in 'n proses van HEILIGMAKING. Die ewigdurende inslag van sabbathouding het beduidenisse van 'n profetiese element, dit verwys na die WARE SABBATSRUS wat gevind sal word wanneer die Messias kom. Deur hierdie handeling van Israel, is die gode van die nasies rondom hulle verwerp.

Kom ons kyk na die Nuwe Testament – na die voorbeeld wat Jesus, sy dissipels en ander volgelinge gestel het: "Toe kom Hy in Nasaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees." (Luk. 4:16)

'n Vers in Handelinge het aan my verduidelik hoe 'n groepie vroue die geestelike voordele ervaar het wat die sabbat vir ons inhou: "En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruiklike bid plek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het." (Hand. 16:13)

Daar was altyd aan my gesê dat dit net Jode was wat op die sabbat bymekaar gekom het, maar kyk 'n bietjie na Handelinge 13:42-44.

> En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die **heidene** versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly. En op **die volgende sabbat** het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor.

Sommige van die kritici verklaar dat die rede waarom Paulus sabbat ontmoetinge gehad het, was "net om toegang tot die Jode in die sinagoges te verkry." As dit die gebruik was om op die eerste dag van die week bymekaar te kom om God se Woord te hoor, sou Paulus aan die heidene gesê het: "Nee, nie volgende sabbat nie, dit is nie meer ons gebruik nie. Julle moet op die EERSTE dag van die week kom." Maar dit is nie wat hy sê nie. **Is jy nog met my?**

Onthou dat dit Jesus was, God se eniggebore Seun, wat die wêreld in ses letterlike dae geskape het. Dit was Jesus, wat die sabbat gemaak het, en wat op hierdie dag gerus het om sy skeppingswerk te vier.

Kom ons gaan kyk na die gebeurtenisse rondom sy kruisiging.

Dit is **dieselfde Jesus**, wat die aarde 4000 jaar gelede geskape het, wat ons nou aan die kruis sien hang. Ons sien hoe Hy sterf, hulle haal sy liggaam af, hulle sit Hom in die graf. En Hy bly in die graf. **WANNEER**? Op die sabbat! So hier vind ons weereens vir Jesus, en Hy is besig om presies dieselfde te doen as by die voltooing van die skepping. Hy het sy skeppingswerk gevier deur te rus op die sabbat, nou, 4000 jaar later, vier Hy weereens iets wat Hy tot stand gebring het: versoening vir jou en my. En Hy vier dit deur te rus . . . wanneer? Op die sewende-dag-sabbat! Toeval? Nee, jy is seker al slimmer as dit?

Vandag is daar miljoene Christene, wat steeds die oorspronklike sewende-dag-sabbat onderhou. Die grootse sabbathoudende denominasie te wêreld is die Sewende-dag Adventiste Kerk, met 'n ledetal van bykans 20 miljoen. Afgesien van die Adventiste is daar omtrent 400 ander sabbathoudende groepe en denominasies in die VSA alleen! Waarom onderhou al hierdie mense die sewende-dag-sabbat? Een van die redes is omdat hulle nie in die evolusie glo nie. Hulle glo dat God die wêreld in ses dae geskape het en op die sewende dag gerus het. En hulle onderhou die sabbat as 'n teken van geloof. In skole word dit deesdae verbied om die Skeppings-alternatief te leer en God word nie meer as Skepper erken nie. Die behoefte aan die sabbat waarheid is groter as wat dit nog ooit was.

Kom gou saam met my na my rekenaar en besoek www.tencommandmensday.com Hier is sommige van die name van godsdienstige leiers wat hulle ondersteuning vir die Tien Gebooie Dag belowe het: dr. Paul Crouch, biskop T.D. Jakes, rabbi Yehuda David Greenberg, Jay Sekulow, Benny Hinn, Richard Roberts, Marilyn Hickey, biskop Eddie L. Long, Gary Bauer, dr. James Dobson, dr. D. James Kennedy, ds. Pat Robertson, Don Wildmon, past. George Morrison, Chuck Colson, ds. Jerry Falwell en nog baie ander.

Ek glo dit met my hele hart, dat ek en jy besig is om Bybelprofesie voor ons oë in vervulling sien kom. Hierdie boekie moet gepubliseer word en ek kan nie wag om die res van die storie te vertel nie. Ek kan egter vir jou sê ek glo dat die resultaat van die Tien-Gebooie-Dag-bewuswording soos volg sal wees: **Dit sal die begin van die grootste godsdienstige twispunt wees wat nog ooit die aarde getref het. Die knelpunt? Die vierde dilemma! Sabbat teen Sondag. God se merk teen Satan se merk.** Ek is jammer dat ek so kru moet wees, maar jou tyd is kosbaar en hoe vinniger ons tot die punt kom, hoe beter.

Jy het dalk dr. D. James Kennedy gesien op die lys van "ondersteuners" van die Tien Gebooie Dag. 'n Tydjie gelede het hy 'n preek gelewer met die titel *Die geskenk van Rus* (*The Gift of Rest*). Ek was verstom toe ek die volgende inleidende opmerkings op www.biblelight.net lees, waar die preek geanaliseer en gekritiseer is: "Dit plaas 'n groot aantal Christenpredikante in 'n baie ongemaklike posisie, want wanneer dit oor die sabbatgebod gaan, sal die Sondagpredikant, op een of ander manier, aan sy gemeente moet verduidelik, waarom God in sy ewigdurende wet opdrag gee om die **sewende** dag (Saterdag) te onderhou en dit nou nie meer geldig is nie, dat God se Wet verander is en dat die **eerste** dag van die week (Sondag) nou deur Christene heilig gehou moet word.

Die verklaring sê verder: "Uit 'n noukeurige ondersoek van die Nuwe Testament sal jy vind dat daar geen opdrag van Jesus of sy apostels is wat sê dat ons moet ophou om die sabbat te onderhou, of dat dit met die eerste dag van die week vervang is nie. Die Sondag-houdende Protestantse predikant bevind homself in die penarie omdat hy sy gemeente aanspoor om Sondag te onderhou, en dit is in direkte teenstelling met God se duidelike gebod wat opdrag gee

om die sewende dag as sabbat te onderhou." Dit klink vir my na 'n goeie opsomming van my eie stelling oor die vierde dilemma!

'n Predikant het een keer vir my gesê dat die sabbatgebod vir die eerste keer by die berg Sinai gegee is, en dat daar geen bewyse is van mense wat dit voor daardie tyd onderhou het nie. Hy was so opreg en hy het so oortuigend geklink, dat ek amper sy woord daarvoor geneem het, sonder om dit self op te volg. Glo jy werklik dat Adam en Eva, en al hulle nakomelinge bloot GEEN DAG onderhou het nie?

Hier is die bewys

> Ses dae lank moet julle dit insamel, maar op die sewende dag is dit **sabbat**; dan sal dit daar nie wees nie. En **op die sewende dag** het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie. Toe sê die HERE vir Moses: Hoe lank weier julle om my gebooie en my wette te onderhou?
>
> Eks. 16:26-28

Hierdie manna insamelingsreël het bestaan lank **voordat** Sinai bereik is.

Die sabbat is onderhou as deel van God se Tien Gebooie lank voordat dit uitgevaardig is op Sinai. Hoe lank voor dit? In Exodus 20:11 staan daar dat "die sewende dag" van Genenis 2:3 bepaald "die sabbatdag" genoem word. Dus het die sabbatdag bestaan van die skepping af. Dit beteken in der waarheid dat, aangesien die sabbat gemaak is "vir die mens" en omdat die mens vanaf die skeppingsweek bestaan, die sabbat vir ons gemaak is, meer as 2500 jaar voordat die Joodse nasie ontstaan het. Die patriarge Abraham, Isak en Jakob het almal opdrag ontvang om die sabbat te onderhou: "Ook mag julle geen las uit julle huise op die sabbatdag uitdra of enige werk doen nie; maar julle moet die sabbatdag heilig soos Ek julle vaders beveel het." (Jer. 17:22) Dit het eeue voor Sinai gebeur.

GOD SELF WAS DIE EERSTE SABBAT-HOUER.

Die waarheid is: Daar is eenvoudig geen so 'n instelling in die Bybel as die Joodse sabbat nie. Die Skeppinggedenkteken is nie Joods in oorsprong of toepassing nie.

Baie teenstanders van die sabbat sal teksverse aanhaal wat na die TIPIESE en SKADUAGTIGE SEREMONIËLE wette verwys, wat volgens hulle "aan die kruis vas genael is", en dan pas hulle dit sommer op die Tien Gebooie toe, in 'n poging om jou van stryk te bring. As jy ooit in so 'n lokval beland, gebruik die volgende tekste as WERKLIKE BEWYSE. Lees gerus self deur hulle: 1 Johannes 3:4; 1 Johannes 2:4; Openbaring 22:14; Openbaring 12:17, Jakobus 2:10; Hebreërs 4:4; en Romeine 7:7.

Hierdie verse ondersteun die heiliging van die Tien Gebooie en dit sluit die sabbat, wat sommige kwaadwilliglik afskiet as die "ou Joodse sabbat", in. Soos wat jy deur die verse lees, sal God se Heilige Gees die waarheid in jou bevestig, vertou op die TROOSTER.

Terloops, jy wonder dalk of ek ooit met my hoërskoolmeisie getrou het. Natuurlik, ek sou nooit dat so 'n juweel uit my hande glip nie! Ja, ek en Yvonne is getroud en God het vir ons vier wonderlike kinders gegee, en selfs kleinkinders wat almal sabbathoudende Christene is. Dankie Here! Wanneer ons eendag ons eindbestemming bereik, die Paradys, gaan ek saam met haar op die Goue Laan stap. En ek hoop om jou en jou hele gesin ook daar te sien.

As tiener, het dit tyd vir my geword om na die katkisasieklasse te gaan, in voorbereiding vir my lidmaatskap aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk, op 'n klein dorpie in die Langkloof wat die appelstreek van Suid-Afrika is.

Ek onthou spesifiek dat die ouderling wat die Sondagskool lessie met ons behandel het, 'n lessie met ons deurgewerk het met die opskrif *Sabbat-/Sondag onderhouding*. Wat ek noemenswaardig gevind het, was dat elke teks wat aangehaal is oor hoe Sondag onderhou moes word, nie toepasbaar op die eerste dag was nie, maar eerder op die sewende dag van die week! Stellings soos "skep behae in die sabbat"; "gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig"; "dit is volgens die wet om goed te doen op die sabbat"; ens. is geresiteer in die Sondagskoolles en dan **direk van toepassing gemaak op 'n dag wat God nooit bedoel het mense moet eer en heilig hou nie**. Vir my, selfs op so jong ouderdom, het dit irrasioneel en onlogies geklink om die vierde gebod af te skryf as 'n "ou Joodse sabbat" en dan al die woorde uit dieselfde gebod te kies BEHALWE DIE WOORD "SEWENDE" en dit toe te pas om die eerste dag van die week! Met ander woorde, die hele vierde gebod word aanvaar en geleer SONDER die woord "sewende". Die waarheid is dat die bewoording van die sabbatgebod GEEN verwysing het na Sondag nie. **Inderdaad 'n dilemma vir sommiges.** Is jy nog met my? Dink jy nie jy moet begin om God te dank omdat Hy die waarheid aan jou onthul het oor die ware sabbat nie? En van nou af kan jy deur die krag van die Heilige Gees binne jou "die sabbatdag (gedenk), dat jy dit heilig".

Nie so lank gelede nie, het 'n predikant vir my vertel: "maar die Nuwe Testament sê niks oor sabbathouding nie – al die ander nege gebooie word herhaal maar nie die sabbatgebod nie, dus kan dit nie so belangrik wees nie." Ek het bevind dat die sewende-dag-sabbat so voor die hand liggend was in die vroeë Christen kerk dat dit nooit nodig was om klem daarop te plaas nie. Watter DAG die sabbat was, was nooit as 'n kwessie gesien nie. Daar is slegs geargumenteer oor DIE MANIER waarop die sabbat gehou behoort te word. Jesus het egter 'n opmerking gemaak met betrekking tot die sabbat wat baie relevant was vir Christene wat in 70n.C.. sou lewe, veertig jaar nadat Jesus opgevaar het hemel toe: "En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie." (Matt. 24:20) Jesus praat hier van sabbathouding wat steeds beoefen sal word baie jare na die kruisiging. Hierdie is 'n onbetwisbare bewys dat die sabbat nie ophou bestaan het by die kruis nie – net soos wat winter nie ophou bestaan het op hierdie moment nie. Dit is nogal 'n **dilemma** dat Jesus nie gesê het: "Bid dat julle vlug nie op die eerste dag van die week mag plaasvind nie." Dit sou nogal gretiglik gebruik kon word as getuienis dat Sondag deur Christene nagekom moet word. Ongelukkig vir hulle is dit nie so nie!

Jesus het aan sy volgelinge vertel dat as hulle sien die Romeinse weermag omsingel Jerusalem, moet hulle vir hulle lewens vlug. Jesus het geweet dat dit moeilik sou wees as sy volk in die winter of op die sabbat moes vlug. Hulle gebede is beantwoord, want ons lees nie dat hulle vlug in die **winter of op die sabbat** plaasvind nie. Toe die Romeinse legioene die stad omsingel het onder leiding van Cestius, is die troepe skielik teruggetrek, en dit het die Christene kans gegee om weg te kom. Hulle het na die klein dorpie, Pella, gevlug. Nie een Christen het sy lewe in die angswekkende beleëring van Jerusalem verloor nie, maar meer as 'n miljoen Jode het vergaan. Dit betaal om te doen wat Jesus vir ons sê om te doen!

Waarom het Jesus so 'n punt met betrekking tot die sewende-dag-sabbat gemaak? Omdat Hy geweet het Christene steeds die sabbat sal onderhou in 70n.C.. Is dit aanvaarbaar vir jou?

Daar is 'n totaal van 84 sabbatte wat deur die vroeë Nuwe-Testamentiese-Kerk gehou is. Tel dit self: Handelinge 13:14 (1); Handelinge 13:44 (1); Handelinge 16:13 (1); Handelinge 17:2 (3); Handelinge 18:4, 11 (78) = 84 sabbatte

Lukas, die outeur van Handelinge, het steeds die sewende dag van die week "sabbat" genoem omtrent 63n.C.. Om die waarheid te sê, elke evangelie skrywer verwys na die sewende dag (Saterdag) as sabbat. As daar 'n nuwe verstandhouding na Christus se dood was, waarom het hulle dit nie bekend gemaak, sodat die Christenwêreld nooit enige bedenkinge sou hê indien daar sabbatveranderinge aangebring is nie? Lukas vertel ook waar en wanneer Jesus kerk toe gegaan het: "Toe kom Hy in Nasaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees." (Luk. 4:16)

Kyk ’n bietjie na **Nuwe-Testamentiese verse** wat inderdaad na die **eerste dag van die week verwys**. Verstommend is daar net **agt** verwysings, en in nie een van die verse word daar aan die hand gedoen dat dit nou die nuwe dag van aanbidding is nie.

Voordat ons na die eerste-dag-vraag kyk, dink ek dit sal goed wees om uit te vind wat die Bybel sê oor **wanneer ’n dag begin en eindig**. Kyk saam met my in die eerste hoofstuk van die Bybel en kyk na die aand-en-môre-stellings:

> (E)n God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. **En dit was aand en dit was môre**, die eerste dag. [...] En God het die uitspansel hemel genoem. **En dit was aand en dit was môre**, die tweede dag. [...] **En dit was aand en dit was môre**, die derde dag. [...] **En dit was aand en dit was môre**, die vierde dag. [...] Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed. **En dit was aand en dit was môre**, die sesde dag.
>
> Gen. 1:5,8,13,19,23,31

Volgens hierdie verse, kry ons die DONKER GEDEELTE en die LIG GEDEELTE, en die twee gedeeltes saam maak ’n dag. Reg deur die Bybel begin ’n dag in die aand en eindig in die aand (aand dan wanneer die son sak) of dit nou die sewende, eerste of watter dag ook al is, “van aand tot aand moet julle jul sabbat hou”. (Lev. 23:32) Die Bybel gaan nie akkoord met die beginsel dat ’n dag van twaalf-uur die nag tot twaalf-uur die volgende nag loop nie. Hierdie beginsel is ’n mensgemaakte een. Wanneer die Bybel van die “derde uur” praat, verwys dit na drie ure na die son opgekom het, dus 9vm. Die “sesde uur” sal dan omtrent twaalf-uur in die middag wees, en Jesus het op die “negende uur” gesterf, nege uur na die son opgekom het, dus omtrent 3nm.

Kom ons kyk nou na die eerste dag: “En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!” (Joh. 20:19) Sekere teenstanders van sabbathouers gebruik hierdie vers as bewys om Sondag te onderhou. Maar let op na wat die vers regtig sê: dit was die eerste dag van die week IN DIE AAND, en dit sal die TWEEDE DAG inlei. Die eerste dag van die week eindig in die aand, en terselfdertyd lei dit die tweede dag van die week in. Een belangrike feit moet ingedagte gehou word: die dissipels het ontmoet “uit vrees vir die Jode” en NIE om die opstanding te vier nie. Om die waarheid te sê, op die tydstip wat Jesus aan hulle verskyn het, het die dissipels nie geweet dat Jesus uit die dood opgestaan het nie. Lees in Lukas 24:36-41 hulle was vreesbevange en het gedink hulle sien ’n spook.

Dit is interessant om te sien dat gedurende sy hele bediening, Jesus nooit die eerste dag van die week eers genoem het nie. En sy volgelinge het niemand geleer om dit te onderhou nie, nie deur lering of deur voorbeeld nie.

“En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.” (Matt. 28:1) Enige eerlike persoon kan duidelik sien dat Matthéüs, wat ook die laasgenoemde vers geskryf het baie jare na die gebeurtenis, steeds die sewende dag “Sabbat” genoem het, en die volgende dag “die eerste dag van die week”.

Kyk nou na Markus se beskrywing:

> En **toe die sabbat verby** was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf. En **baie vroeg op die eerste dag van die week**, net ná sonop, kom hulle by die graf. [...] En nadat Hy opgestaan het, vroeg op **die eerste dag van die week**, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het.
>
> Mark. 16:1,2,9

Hier vind ons dat die apostel die eerste dag twee keer noem. Toe Markus dit geskryf het in 60 n.C. omtrent 27 jaar na die kruis, het hy nie enige heilige naam aan die eerste dag van die week gekoppel nie. Hy sê dat wanneer hierdie dag kom, is die sabbat VERBY.

Kom ons kyk hoe Johannes dit stel: "En op die **eerste dag van die week** kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was." (Joh. 20:1) Johannes het dit geskryf in 100n.C. en gedurende hierdie tyd het hy steeds verwys na die dag na sabbat as die "eerste dag". Hy skryf in die boek van Openbaring, vier jaar TEVORE en in Openbaring 1:10 sê hy: "(e)k was in die Gees op die dag van die Here". Hy verwys hier na die enigste dag waarop God nog altyd aanspraak op maak, van die skepping van die wêreld af, toe Hy dit "geseën en geheilig het: As Johannes geglo het dat die eerste dag van die week die Here se dag geword het, sou hy die dag so genoem het toe hy VIER JAAR LATER daaroor praat in Johannes 20:1.

"En op die **eerste dag van die week**, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe." (Hand. 20:7) Hierdie vers was aangehaal deur 'n predikant toe ek op "'n hoofstuk en vers asseblief" aangedrink het. En daar was dit: "En op die eerste dag van die week, (het) die dissipels vergader om brood te breek".

So, die volgende keer toe ek my sabbathoudende nooi sien, het ek breë-bors aan haar my "bewys teks" gewys. En was ek nie skaam toe sy daarop aandring dat ek die HELE vers lees nie! Ek het vas geglo dat hierdie ontmoeting, wat die predikant aan my uitgewys het, plaasgevind het op 'n Sondagoggend so elf-uur se kant, en dat dit weekliks op 'n gereelde basis gebeur het. Van daardie dag af het ek nog nooit 'n sabbatsteenstander gehoor wat die eerste sin klaar gelees het nie, wat eindig met "en hy het sy rede gerek tot middernag toe." Wonderbaarlik het ek ook die res van die vertelling gemis wat sê: "En daar was baie LAMPE in die bovertrek waar hulle vergader het." (Hand. 20:8) So, hierdie ontmoeting het op 'n SATERDAGAAND plaasgevind! Dit is gehou op die donker deel van die eerste dag van die week en dit het aangegaan tot na middernag, en eers toe is die brood gebreek.

Hierdie hele gebeurtenis kan opgesom word in een sin: **Dit was 'n hele nag se gegroetery in die donker deel van die eerste dag van die week, Saterdagaand,** en hulle het die brood gebreek tussen middernag en dagbreek. Dit was NIE 'n gereelde, weeklikse gebeurtenis of gewoonte nie. Volgens Handelinge 2:26 het die dissipels daagliks brood gebreek. Nie 'n afskeidsete of die Avondmaal sal enige dag heilig maak nie. In 1 Korinthiërs 11:26 word die opsie oopgestel aan die Kerk oor waar en wanneer nagmaal gevier sal word, solank as wat dit "dikwels" is.

Die Tien Gebooie sê uitdruklik dat die sewende dag God se Heilige sabbatdag is, dit maak nie saak wat op die eerste dag van die week, van die skepping af, gebeur het nie! **God het nooit sy sabbat ontheilig nie**: "Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie." (Ps. 89:35)

Met die is ek toe terug na die predikant om nederig vir nog 'n "bewys teks" te vra dat Sondag onderhou behoort te word. Hy het sy skynbare foutiewe aanhaling met 'n skouerophaling afgemaak en toe voortgegaan om vir my DIE bewys teks te gee:
**<u>1 Korinthiëres 16:1-3</u>**. "Daar," het die predikant gesê, "jy sal nou duidelik sien dat dit die vroeë Kerk se gewoonte was om op Sondagoggend te ontmoet, en nie net dit nie, maar dat dit ook wys dat dit hulle gewoonte was om die gereelde gemeente offergawe op die eerste dag van die week op te neem. Ek hoop dit sal nou duidelik wees vir jou."

Ek het reguit na my nooi se huis toe gegaan, en toevallig was haar pa naby en hy het my gevra dat ek die VERSE SELF MOET LEES. Die eerste ding wat ek ontdek het, was dat Paulus nie enigiets sê oor die algemene offergawe wat in die kerk opgeneem word nie. Hy sê: "elkeen van

julle (moet) van julle self opsy sit en opspaar". In die King James vertaling staan dit so: "Let every one of you (individually) lay by him in store." Die woorde "lay by him" beteken dat die opname en administrasie by die huis gedoen moet word, en nie by 'n godsdienstige samekoms nie. Die konteks van Paulus se woorde gaan oor 'n honger nood verligtingsfonds wat vir die mense in Jerusalem gestuur sal word. Hierdie was 'n algemene omsendbrief van advies "soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het." Christene was veronderstel om hulle offergawes elkeen met sy eie oorleg aan die begin van die week eenkant te sit, volgens hulle inkomste.

Paulus is hier besig om 'n weeklikse spaarprogram aan te beveel, totdat hy kom vir die spesiale offerande-opgawe. As daardie tyd aanbreek, kan die offerande op 'n ordelike manier opgeneem word.

Ek het spoedig my bande gesny met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die "ingeligte" predikant.

Ek het 'n groot aantal predikante teëgekom wat sê dat **die Here se dag van Openbaring 1:10** die eerste dag van die week is. Let op wat Johannes sê in hierdie vers: "Ek was in die Gees op die dag van die Here". Hy sê NIE dit was die eerste dag van die week nie. Stem jy saam? Om die waarheid te sê, die eerste dag van die week word glad nie in die hele boek van Openbaring genoem nie. Jy weet seker al teen hierdie tyd hoe om seker te maak watter dag die ware dag van die Here is – laat die BYBEL toe om te praat!

Jesus sê self oor die sabbat: "Want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat." (Matt. 12:8)

Kom ons maak seker dit is nie oëverblindery nie. Van watter dag verklaar Hy Homself Here? Antwoord: die sabbatdag. So, as Hy die Here van die sabbatdag is, na watter dag verwys Johannes in Openbaring 1:10? Jy is reg, die sewende-dag-sabbat!

Die Here se dag is die sewende-dag-sabbat, en dit is die Here se dag vir dieselfde rede waarom dit *the Lord's Supper* (Avondmaal) genoem word. Omdat ons Here Jesus Christus die Oorsprong van beide die instellings is, en ALTWEE is GEDENKTEKENS van sy werk namens ons. Dit kan nie duideliker wees nie!

Daarom is die onderhouding van die Here se dag en die onderhouding van die sabbat, EEN EN DIE SELFDE DING. Ons moet die SABBAT, DIE HERE SE DAG, ONDERHOU!

Sommige Christene glo dat dit aanvaarbaar is om een uit sewe te onderhou. Hierdie redenasie sou water dra as die vierde Gebod "'n sewende dag" of selfs "elke sewende dag" gesê het. Maar God gebruik die bepaalde lidwoord "die". "Gedenk die sabbatdag [...] maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God". (Eks. 20:8-10)

Die bepaalde lidwoord "die" beperk die sabbat na net een dag van die week. God het dit by die Israeliete **ingeskerp** deurdat hulle dit herhaaldelik, weekliks vir veertig jaar moes gehou het.

> Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan **beproef**, of hulle in my wet sal wandel of nie. En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daagliks insamel.
> Eks. 16:4-5

Let op dat toe God die kinders van Israel BEPROEF het "of hulle in my wet sal wandel of nie" Hy hulle met die sabbatsgebod getoets het. Stem jy saam met hierdie feit? Lees self Exodus 16:23-28 en kyk of daar 'n verskil is in wat God spesifiek beveel en wanneer mense hulle eie, onafhanklike besluite neem. Al hierdie dinge het gebeur VOORDAT God sy wet van die berg

Sinai af gegee het. Dit wys vir ons dat die kinders van Israel bekend was met God se wet VOOR SINAI.

Kom ons kyk na die laaste gedeelte van die vierde Gebod: "Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op **die** sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE **die** sabbatdag geseën en dit geheilig." (Eks. 20:11)

Die sewende dag van die Skeppingsweek was die eerste sabbat op aarde, en dit het die sewedagsiklus begin, waarna God verwys in die vierde Gebod.

Natuurlik het ek gedurende my ondersoek aangaande die sabbat waarheid gereeld die KALENDER-VERANDERINGS-BESWAAR gehoor. "Hoe kan ons seker wees watter dag die sewende dag is? Die kalender is dan soveel keer al verander?" Hier is die antwoord:

Die kalender is inderdaad een keer verander in die afgelope twee duisend jaar, maar NIE DIE WEEKLIKSE SIKLUS NIE! Daar het 'n verandering plaasgevind vanaf die Juliaanse kalender na die Gregoriaanse kalender. Die *New International Encyclopedia* bevestig dat dit uitgevaardig is, dat tien dae van die jaar 1582 afgetrek sou word, 5 Oktober sou 15 Oktober geword het van die jaar 1582.

Dit was al wat gebeur het, 5 Oktober is 15 Oktober genoem. Altwee dae was Donderdae gewees. Die volgende dag was eweneens Vrydag. Die enigste verskil was dat dit 16 Oktober was in plaas van 6 Oktober.

God sou nooit sy volk bevel gee om die sewende-dag-sabbat te onderhou sonder om presies vir hulle te sê watter dag van die week dit was nie. Stem jy saam hiermee? Die almanakveranderinge het nie die gereelde sewedagsiklus beïnvloed nie. Van die skepping af het ons dag 1, dag 2, dag 3, dag 4, dag 5, dag 6 en dag 7 wat ook die sabbatdag genoem is. God het hierdie standhoudende weeklikse siklus tydens die skepping ingestel, en het dit nog nooit verander nie. Hy het die hemel en die aarde in ses letterlike dae gemaak, en die voltooiing van sy werk gevier deur nog 'n dag te skep – die sewende – 'n reuse GEDENKTEKEN-MONUMENT wat vir ewig sal bly staan, **'n nie-onderhandelbare daad van God**.

Kyk na die volgende stelling van dr. Lukas: "En dit was die voorbereidingsdag, en die sabbat wou aanbreek." (Luk. 23:54) Die sabbat was Saterdag. Lukas sê dat die vroue wat die "speserye en salf" voorberei het vir Jesus se liggaam, "op die sabbat gerus (het) volgens die gebod." (Luk. 23:56) Volg ook hierdie verse saam met my in die 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel:

> Dit was Vrydag, en die sabbat het al begin aanbreek. Die vroue wat saam met Jesus van Galilea af gekom het, het saamgeloop en die graf gesien en gekyk hoe sy liggaam neergelê word. Daarna het hulle huis toe gegaan en reukolie en salf reggemaak. Op die sabbatdag het hulle gerus, soos die gebod bepaal. Die Sondagmôre baie vroeg het die vroue na die graf toe gegaan met die reukolie wat hulle reggemaak het.
>
> Luk. 23:54-24:1(NAB)

Vanaf Sinai tot by Golgota het geen dae verlore gegaan nie, en geen verwarring het ontstaan ten opsigte van watter dag die sabbat is "volgens die gebod" nie.

Lukas vertel dat Jesus opgestaan het "op die eerste dag van die week". (Luk. 24:1) Paassondag is altyd op die eerste dag van die week, omdat niemand die feit bevraagteken dat Jesus op die dag NA die sewende dag opgestaan het nie, wat die sabbat is "volgens die gebod". Dit is 'n vasgestelde, historiese FEIT, dat, gedurende Christus se tyd, Saterdag, die sabbat van die Tien Gebooie was, en Sondag die eerste dag van die week.

Nog 'n beswaar teen sabbathouding is die volgende: "Ek weet dat Saterdag die sewende-dag-sabbat tydens **Christus se tyd** was, maar ons onderhou Sondag as herdenking van sy opstanding." Die enigste probleem met hierdie stelling is dat nêrens in die hele Bybel opdrag gegee word dat ons Sondag moet heilig ter ere van Christus se opstanding nie. Die idee dat Sondag ter ere van Christus se opstanding onderhou moet word is nie skriftuurlik nie, en daarom sorteer Sondaghouding onder die GEBOOIE-VAN-MENSE-KATEGORIE.

Miljoene sewendedaghouers sal met graagte die eerste dag van die week onderhou, as enige persoon EEN VERS in die hele Bybel kan kry, wat sê die eerste dag van die week is die Here se Dag; een vers wat sê dat Jesus of sy dissipels die eerste dag van die week onderhou het, of enige iemand ooit opdrag gegee het om dit te doen; een vers wat sê Christene of enige iemand moet nie werk op die eerste dag van die week nie, en laastens, een vers in die hele Bybel, wat sê die Vader, Seun, engele, profete of geïnspireerde mense ooit iets gesê het oor die heiligheid van die eerste dag van die week.

Mense hou die eerste dag van die week omdat die vroeë afvallige kerk hierdie gewoonte by die heidense Sonaanbidders geleen en oorgegee het aan Protestantisme. Hulle het een van God se Tien Gebooie verruil met 'n mensgemaakte een.

> **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.**
>
> **Mark. 7:7-8**

Die woord "Sondag" kom inderdaad van die heidense sonaanbiddingpraktyk af. Hierdie vorm van aanbidding word selfs in die Bybel genoem. Lees Eségiël 8:16. Die eerste dag van die week is opgedra aan die eerste belangrikste hemelliggaam, die son, daarom die naam, Sondag. Die tweede dag van die week is opgedra aan die tweede belangrikste hemelliggaam, en word "Maandag" genoem.

Historiese verslae wys dat Sondag as 'n **heidense dag van aanbidding** gebruik was, lank VOOR die opstanding van Christus. Dit gee die agtergrond vir die gebruik van aanbidding op Sondae wat "aangeneem en afgevaardig is as die pouslike geloofsversaking."

Ek het vir myself 'n kopie van die *Convert's Catechism of Catholic Doctrine* gekoop by ons plaaslike boekwinkel omdat ek self hierdie saak wou ondersoek uit 'n gesaghebbende Katolieke dokument. Kyk wat ek op bl. 50 gevind het.

V. Watter is die sabbatdag?
A. Saterdag is die sabbatdag.
V. Waarom hou ons Sondag in plaas van Saterdag?
A. Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag omdat die Katolieke Kerk, in die Raad van Laodicea (336 A.D.), die heiligheid van Saterdag oorgedra het na Sondag.
V. Op grond van wie se outoriteit het die kerk Sondag met Saterdag verruil?
A. Die kerk het Sondag met Saterdag omgeruil deur die goddelike mag wat Christus aan haar gegee het.

Stem jy saam daarmee dat die Katolieke Kerk gemagtig is om enige iets by te voeg of weg te neem uit God se Tien Gebooie? Ek stem ook nie saam nie!

Deurdat die Katolieke Kerk aanspraak maak op 'n goddelike outoriteit om die Tien Gebooie te verander, het sy die profesie van Daniël 7:25 vervul: "(E)n hy sal probeer om tye en wet te verander".

Baie van die Romeine wat by die Katolieke Kerk aangesluit het, was sonaanbidders en daarom is opdrag gegee om Sondag te onderhou ter ere van die SEUN wat uit die dood opgestaan het, in plaas van die SON wat opkom.

En daarom is die ware sabbat geleidelik deur Sondagaanbidding vervang. Dit is die FEITE met verwysing na die oorsprong van Sondaghouding.

Moet nooit toelaat dat iemand jou 'n gat in die kop praat dat Sondaghouding iets te make het met die **opstanding** nie. Daar is geen verwantskap nie.

Die **gebruik om te doop** is ingestel tot ons voordeel om deel te kan hê in die dood, begrafnis en opstanding van ons Heer. Op daardie Vrydag, het Jesus die hoogste prys betaal – maar so wonderlik as wat hierdie gebeurtenis was, word ons nêrens opdrag gegee om Vrydag heilig te hou nie, en die selfde geld vir Sondag. Die opstanding moes voorwaar 'n glorieryke oomblik gewees het, maar ons word nêrens opdrag gegee om Sondag heilig te hou nie. Ons neem slegs deel deur ons te laat DOOP.

> Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; Rom. 6:3-5

Het die Heilige Gees dié waarheid al aan jou geopenbaar?

Nog 'n teksgedeelte wat deur sabbatsteenstanders gebruik word is Romeine 14:5 en 6:

> Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God.

Hierdie verse verwys nie na die sewende-dag-sabbat of na Sondag nie, en hulle identifiseer nie die ware sabbat nie. Paulus sê dat as enige **Joodse Christen** enige **seremoniële dae** wil onderhou, moet hulle vry voel om dit te doen. Hulle moet egter nie probeer om hierdie gebruik op ander gelowiges af te dwing nie. Messiaanse Jode het dalk sulke dae gesien byvoorbeeld die Fees van die Tabernakels en die Fees van die Weke soos wat ons onder die "ou" GELOFTEDAG of Versoeningsdag (16 Des) sien. Ons het 'n persoonlike keuse om hierdie dae waar te neem, en ons mag selfs een bo die ander **ag**. En dit is waarna Romeine 14:5 en 6 verwys.

Natuurlik was die weeklikse sabbat nie-onderhandelbaar en moes deur almal onderhou word wat daarop aanspraak gemaak het, dat hulle volgelinge van Christus is. Die kern van die saak is om nie ander te **oordeel** wie se **kulturele** gebruike van ons s'n verskil nie. Hierdie beginsel is ook van toepassing op dieetgewoontes. "Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? [...] Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word." (Rom. 14:10)

Ek het raakgesien dat daar 'n groot verskil tussen die TIEN GEBOOIE, die enigste wette wat ooit deur God se eie vinger (twee keer) geskryf is op twee kliptablette, en die verskeie SEREMONIËLE WETTE, wat vooruitgewys het na die dood van Christus en wat in der waarheid by die kruis geëindig het. Dit is waarom ons steeds die sewende-dag-sabbat hou, maar nie meer

offers kerk toe bring nie. Daar is weggedoen met die seremoniële wette, omdat dit net van tydelike aard was, dit is slegs gehou tot by die kruis of die einddoel bereik is. Die Tien Gebooie aan die ander kant is steeds vandag geldig. Dit is so eenvoudig soos dit, as jy dit met kinderlike geloof aanvaar (Mark. 10:15).

Die volgende verse bevestig hierdie beginsel:

"Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel van die wet sou val." (Luk. 16:17)

"Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom. 3:31)

Daar is 'n groot verskil tussen die tipiese SKADUWEE en GEDENKTEKEN: 'n skaduwee wys vooruit na iets en 'n gedenkteken wys terug na iets. Die verskil is dus so duidelik soos die verskil tussen nag en dag. Die weeklikse sabbat was gemaak VOORDAT sonde in die wêreld gekom het. Aangesien die weeklikse sabbat ingestel is VOOR sonde, net soos die huwelik, was dit NIE 'N SKADUWEE van Christus se dood en daarom het sy dood ook nie 'n einde daaraan gebring nie. Beide die sabbat en die huwelik het na ons gekom vanuit die SONDELOSE tuin van Eden.

Kom ons wees eerlik, as die Tien Gebooie dit gestel dat "die eerste dag die sabbat van die Here is", sou niemand fout gevind het daarmee nie. Om egter van die woord "SEWENDE" ontslae te raak, is dit nodig om van die HELE WET ontslae te raak! Daar is geen ander uitweg vir hierdie dilemma nie!

Kyk vir 'n slag na die Tien Gebooie en vra jouself af: "Was dit ooit reg of aanvaarbaar om enige van hierdie gebooie te breek VOORDAT Jesus op die kruis gesterf het?" Ek is doodseker dat jou antwoord "nee" sal wees. Kyk nou na die Tien Gebooie en vra jouself die vraag: "Is dit reg om enige van die gebooie te breek NADAT Jesus aan die kruis gesterf het?" Ek glo jou antwoord sal weer "nee" wees.

Kom ons doen dieselfde met die seremoniële wette van rituele, skaduwees en gebruike en vra die vraag: "Was dit ooit nodig om 'n offerlam te bring vir sonde VOORDAT Jesus aan die kruis gesterf het?" Die antwoord is "ja". En nou die volgende vraag: "Is dit nodig om die offerlam vir sonde te bring NADAT Jesus aan die kruis gesterf het?" Die antwoord is natuurlik "nee". Ek dink jy verstaan nou die verskil tussen die Tien Gebooie en die seremoniële wette! Is ek reg?

Tydens my navorsing oor die sabbat waarheid, is ek verskeie kere vertel dat "ons nie meer onder die Tien Gebooie wet van die Ou Verbond staan nie, maar ons is nou onder die Nuwe Verbond." Die werklike rede waarom sommiges hierdie beswaar het, is om ontslae te raak van die sewende-dag-sabbat. Maar as die "Nuwe Verbond" wegdoen met die sabbat, moet dit ook weg doen met die ander nege gebooie.

Die **onderwerp** van die Ou Verbond of "ou ooreenkoms" wat die kinders van Israel met God gehad het, was die Tien Gebooie. Die verbond op sigself was egter OOR die onderhouding VAN die Tien Gebooie, die gebooie "van die verbond", volgens Deuteronómium 9:9-11.

Israel het aan God belowe dat hulle gewillig is om die Tien Gebooie te onderhou – ongelukkig was HULLE woord of belofte nie baie betroubaar nie. Daar was nie fout met die Gebooie nie, die probleem het by ISRAEL gelê . . . HULLE het nie by hulle deel van die ooreenkoms gehou nie. Dit is Bybels onmoontlik dat die Tien Gebooie die Ou Verbond is, omdat daar geen onvolkome belofte daarin gevind kan word nie, vergelyk die volgende: "Die wet van die Here is volmaak; dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis; dit gee wysheid aan die eenvoudige." (Ps.19:8) En: "Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed." (Rom. 7:12)

Hoe kan enige iets heilig, reg en goed wees en terselfdertyd te kort skiet? Die **onderwerp** van die Verbond, die Tien Gebooie, het nooit verander nie. God het eenvoudig vir Israel nog 'n kans gegee om hulle-self te bewys. (Lees **Hebreërs 8:7-13**.) Dit is waarom alle Christene en Messiaanse Jode steeds in "ooreenkoms" met God is vandag. Met behulp van die Heilige Gees, **sal** ons sy wet onderhou omdat ons LIEF is vir Hom en ons WIL sy wet van liefde onderhou: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie." (Joh. 14:15)

'n Predikant het een keer vir my gesê dat die Nuwe Verbond weggedoen het met die sabbat omdat Christus ons sabbat is. Ek het vir hom gevra: "Behalwe dat die Nuwe Verbond God se sabbat afgeskaf het, wat het dit nog verander?" En hy kon my nie antwoord nie.

Glo jy God se woord, as Hy in Psalm 89:35 sê: "Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie"? Die Bybel verwys na verskeie verbonde en "dinge" wat God gesê het en dit sluit Genesis 26:5 in: "omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het." Die woord "ordening" is in Hebreeus MISHMERETH, wat onderhouding, ordening, voorskrif of waarborg beteken. Die woord "insettinge" is in Hebreeus CHUQQUH, en dit beteken vasgestel, gebruik, insetting en statuut (wet).

Ek wil graag die volgende onder jou aandag bring:
In Genesis vind ons verskeie voor-sonde-dekrete of statute van God. Hierdie dekrete is nie onderhandelbaar nie en dit moet vir altyd geldig wees omdat God nie sy dekrete verander nie (vergelyk Ps. 89:35). Kyk ook na Maleági 3:6 (a): "Want Ek, die HERE, het nie verander nie".

Laat my toe om miskien 'n paar van hierdie dekrete uit te lig:

1. In Genesis 1:1: "In die begin het God [...] geskape." Hierdie dekreet sê basies dat God, God oor alles is. Hy is die Skepper en alles behoort aan Hom, Hy is self-gewaarmerk en die enigste God.
2. Genesis 1:26, 27 sê dat God die mens man en vrou geskape het, dit gaan oor die eenheid in die huwelik. Die volgende dekreet is dan die huweliksverordening in Genesis 2:24.
3. Genesis 2:17 vertel vir ons van die doodsdekreet wat verband hou met Adam en Eva se reaksie op God se vereiste om gehoorsaamheid.
4. Let nou spesifiek op na Genesis 2:2,3. Hier het ons die vestiging van die sabbatstatuut. Kyk nou mooi, op hierdie stadium is die leerstelling van God, die verordening van die huwelik en die instelling van die sabbat nie betrokke by <u>enige wet</u> of stel gebooie is nie. Die VERKLARINGE was PERMANENT van aard: "Ek verander nie." Maar soos wat die jare aangestap het, het sonde in die wêreld gekom en God het begin om sy verlossingsplan in werking te stel, die hooftema van die res van die Bybel gaan oor hoe God weer die mens met Hom wil versoen. Hierdie proses het die seremoniële wette (hulle primêre funksie was opvoeding) en God se morele wette, naamlik die Tien Gebooie, ingesluit. In die <u>formulering</u> van beide stelle wette word sekere skeppingsdekrete, -instellinge en –statute <u>betrek</u>. Jy is sekerlik bekend met van die ritueelmatige bepalings van die seremoniële wette met betrekking tot God, die huwelik en die sabbat. Ons kry dieselfde verskynsel in die Tien Gebooie. Kyk asseblief mooi: Ons het 'n LEERSTELLING (God), 'n VERORDENING (die huwelik) en 'n STATUUT (die sabbat) wat opgeneem is in die morele wet: hierdie was VOORAFBESTAANDE instellinge van God, dit is ewigdurend nie onderhandelbaar nie en selfstandig. Hier volg die Bybelverse wat dit bevestig: Exodus 20:2-7 (God), 8-7 (die sabbat) en 14, 17(b) (die huwelik).

Dit is slegte nuus vir diegene wat die "Nuwe Verbond Teologie" wil gebruik om die sabbat te vernietig. Al het Moses NOOIT 'n stel wette of selfs die Tien Gebooie gegee nie, sou daar <u>steeds</u> van ons verwag word om God die Vader te eer, sou ons <u>steeds</u> gebonde gewees het deur die huweliksverordening, sou ons <u>steeds</u> die sabbatstatuut moes onderhou, as die

SKEPPINGSDEKRETE van ’n standvastige en onveranderlike God. En daarom misluk die sogenaamde Nuwe-Verbond-rede wat wil wegdoen met die sabbat, omdat die sabbat ’n statuut is, wat deur God ingestel is, dit is heilig en was nog nooit deur God “geontheilig” nie. Hierdie is ’n onweerlegbare, teologiese, *prima facie* bewys.

Snaaks genoeg het ek nog nooit enige iemand “moeilike” vrae oor Sondag hoor vra nie. Hoe kan ek seker wees Sondag is die eerste dag van die week? Hoe kan ek seker wees Sondaghouding herdenk die opstanding? Hoe kan ek seker wees daar het nie tyd verlore gegaan nie? Hoekom moet ek Sondag hou, as ek nie meer onder die wet is nie, maar onder genade. Waar in die Bybel staan dit dat ons Sondag moet hou van twaalf-uur tot twaalf-uur? Het jy al ooit sulke vrae gehoor? Ek ook nie!

En ek sê weer, laat toe dat God se Heilige Gees jou oortuig en leer.

In my geboorteland, Suid-Afrika, kort voor die Anglo-Boereoorlog in 1899, was president Paul Kruger deur ’n aantal Britse besigheidsmanne genader om ’n Sondagkoerant op die been te bring. Hulle wou die goedkeuring van die president hê vir hierdie nuwe onderneming.
“Nooit,” was bondige antwoord van die president. “Waarom nie?” wou Abe Bailey, die leier van die groep, weet. “God het die mens verbied om op ’n Sondag te werk,” het Kruger geantwoord. Later het hy uitgebrei: “’n Mens mag nie op Sondag werk of enige iets anders as die Woord van God lees nie.” Bailey wou weet wat sou gebeur as hy die president se wil verontagsaam. Hier volg pres. Kruger se antwoord: “Jy sal eerstens tronk toe gaan, en daarna sal jy hel toe gaan.” (Bylae tot Beeld, p. 22, 20 Nov., 2005)

Baie sewendedag sabbathouers glo dat daar ’n universele wet uitgevaardig sal word, net voor die tweede koms van Jesus wat Sondagaanbidding op almal sal afdwing. Christene sal dramaties hierdeur beïnvloed word veral wanneer hierdie wet uitgebrei word om aanbidding op sabbat te verbied. So ondenkbaar as wat dit is, is die grondslag vir die SONDAG-WET reeds neergelê. Onthou *Special Alert # 29*?

Ek het onlangs Edward G. Reid se goed-gedokumenteerde boek, *Sunday’s Coming*, gelees en was geskok om uit te vind dat Amerika se eerste Sondagswet reeds in 1610 uitgereik is. Inwoners van Virginia is verplig om kerkdienste op Sondae by te woon. Elke Sondag wat oorgeslaan is, is strenger gestraf. ’n Persoon wat een keer nie kerk toe gegaan het nie, het nie sy proviand of inkomste gekry nie. Die tweede keer het hy sy proviand verbeur en die persoon was ook geslaan. Die derde keer is die persoon dood gemaak! Hierdie wet was natuurlik gepubliseer en bekragtig voordat die VSA se konstitusie en Grondwet tot ons redding gekom het.

Dr. Reid se navorsing onthul dat in 1650 in Massachusetts, die boete vir Sondagsoortreding tien sjielings of ’n drag slae was, in 1656, in Connecticut is dit beboet met die DOODSTRAF, tydens 1692-1715 in Maryland was dit beboet met die som van een honderd pond se tabak (bl. 77, 78). In die jare rondom 1895 was Sondagwette so ’n groot kwessie in die Verenigde State dat sabbathouers onder grootskaalse vervolging gely het. Blykbaar is meer as 75 Sewendedagadventiste vervolg in die VSA en ’n groot aantal van hulle is in die tronk gegooi.

’n Vriend het vir my ’n kopie van die Rooms-Katolieke Kerk se hernieude *New Catechism* gegee. Daar is aan my vertel dat die Katolieke Kerk nooit verander nie en ek was nuuskierig om te sien of hulle in hierdie nuwe handleiding sou afwyk van hulle sabbat-Sondag-verklaringe van die vroeëre *Converts Catechism of Catholic Doctrine*, waarna ek vroeër verwys het.

Hier volg wat ek ontdek het in paragraaf 2175. Hulle verklaring met betrekking tot Sondaghouding is “dat die seremoniële waarneming van Sondag sabbat VERVANG.” Volgens paragraaf 2190 is hierdie gebruik “plegtig in gebruik geneem toe Jesus opgevaar het hemel toe. In paragraaf 2188 kan ons maklik tussen die lyne lees hoe hulle graag regeringsondersteuning wil hê om hulle doelwit te bereik wat Sondagsheiliging sal afdwing. “In die respektering van

godsdienstige vryheid en die algemene welsyn van almal moet Christene op die herkenning van Sondae en die heilige dae van die Kerk as WETTIGE HEILIGE DAE, aandring." Ons weet almal dat geen ander instansie as Die Kongres van die Verenigde State, wette uitvaardig nie. Die werklikheid en waarheid van die saak is soos volg: Sondagwette sal uitgevaardig word op aanvraag van . . . ONS DIE VOLK, ter wille van die "algemene gemeenskapsbewussyn".

Terloops, ek staan verwonderd oor hoeveel Christene en selfs predikante op hierdie oomblik die waarheid van die sabbat bestudeer en ontdek. Dit herinner my aan wat Dr. John Stott, die welbekende Anglikaanse geleerde, onlangs gesê het tydens 'n onderhoud met *Christianity Today*: "Die waarmerk van opregte evangelisasie is nie die onkritiese herhaling van ou tradisies nie, maar die gretigheid om elke tradisie ondergeskik te stel, maak nie saak hoe oud dit is nie, aan 'n nuwe Bybelse ondersoeke en as dit nodig is, te HERVORM."

**Niemand behoort te verras te wees deur die skielike eindtyd-belangstelling in die Tien Gebooie nie.** Predikante is lankal bekend met Openbaring 12:17: "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Hier gee die Bybel 'n eskatologiese of eindtyd-voorspelling van sy laaste kerk of "Oorblyfsel". Die lede van hierdie eindtyd-oorblyfsel sal (a) die gebooie van God bewaar en (b) die getuienis van Jesus hou.

Baie skrifnavorsers is ook bewus van die feit dat net voor die Tweede Koms, TWEE MERKE UITGEREIK SAL WORD en alle mense sal een van die twee kry. Jy sal óf die Merk van God kry (sy sabbat-teken) óf jy sal die merk van die dier kry.

Die punt wat ek wil maak is: Die vraagstuk oor die Tien Gebooie, insluitend, die sabbat, is besig om vinnig DIE groot kwessie vir navorsing en bespreking in teologiese kringe te word, en duisende staan verstom oor wat hulle ontdek.

Tydens my eie navorsing het ek agtergekom dat sewendedag sabbathouers die mees MISVERSTAANBAAR, van alle Christene ter wêreld is. Hulle word telkemale verwar met Mormone, Jehovasgetuies, ensovoorts. Baie noem hulle "wetlik" en "Sabbatariërs". Ek het ervaar dat sabbathouers die grootste verkondigers van GENADE is wat ek nog ooit ontmoet het. Hulle het my gehelp om die groot leringe van regverdigmaking en geregtigheid deur geloof te verstaan, en hulle het aan my gewys dat die ENIGSTE manier waarop ENIGE IEMAND ooit hemel toe kan gaan, deur die gestorte bloed van Jesus Christus ons Heer, is. (Ef. 1:6) Die mens is net so kragteloos om die geregtigheid wat die wet vereis vir homself te BEWERK, as wat hy is om die skuldboete van sonde AF TE BETAAL. Die geregtigheid wat aanvaarbaar vir God is, kan nie self bewerk word nie, dit word goddelik toegereken. Dit word nie bereik deur "die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie" (Tit. 3:5), maar deur "die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo". (Rom. 3:22) **Ons kan nie gered word deur die wet te onderhou nie, ons gehoorsaam dit OMDAT ons gered is**. Vir sabbathouers is Christus alles. Hy is ons "geregtigheid en heiligmaking en verlossing." (1 Kor. 1:30)

Die rede is nie duidelik waarom baie Christene hulle by Regter Moore skaar deur skole, howe, besighede, ensovoorts te vra om die Tien Gebooie terug te bring nie, want in dieselfde asem sê hulle vir sabbathouers "daardie wette is aan die kruis vasgenael" en hulle haal Kolossense 2:14, 16 en 17 aan. Ek dink ek en jy moet sommer nou kyk wat Paulus daar geskryf het:

> En die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, [...] Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

In teenstelling met die algemene siening dat die wet aan die kruis vasgenael is Kolossense 2:14, het hierdie siening geen teologiese gronde nie. Om die waarheid te sê, in die hele sendbrief aan die Kolossense, word die woord "wet", in Grieks NOMOS, nie een keer gebruik nie! Die konteks vir vers 14 word in vers 13 gevind wat praat van die volmaaktheid van God se vergifnis. Die ontkenning van enige wet kan nie bydrae tot hierdie groot waarheid nie. Wat is vasgenael aan die kruis? Die "charges" (beskuldigings) soos die *Contemporary English Version* dit stel. Die Afrikaans Multi vertaling Bybel, wat deur baie as een van die beste vertalings ter wêreld bestempel word, gebruik die woord "skuldbrief", die Griekse woord CHEIROGRAPHON beteken "rekordboek van sonde". Nie die morele of seremoniële wette nie, maar 'n lys van al jou en my sonde, is VIR EWIG uitgewis! En dit is die heerlikheid van die evangelie! "Jesus het vir alles betaal; ek is alles aan Hom verskuldig."

Paulus se verwysings in verse 16 en 17 na feeste, nuwemane en sabbatte, verwys nie na enige wet wat aan die kruis vasgenael is nie, maar hy verwys na die houding van valse regters en ketters oor die onskuldige, godsdienstige gebruike van sommige van die jong Christene.

Vers 14 brei uit op vers 13, deur te verduidelik HOE God ons "misdade vergeef het" VERLEDE TYD! Die laaste gedagte wat Jesus gehad het, toe Hy aan die kruis gesterf het, **was nie**: "Ek nael nou die morele en seremoniële wette aan die kruis." **Maar eerder**: "My doelwit om die verlore man en vrou met my Vader te versoen is nou bereik."

Natuurlik is dit baie belangrik om raak te sien dat die tipologiese belangrikheid van die rituele en offers **vooruit na die kruis wys**. Jesus het egter hierdie skaduwees en rituele vervul toe Hy as die ware Lam of antitipe weggedoen het met die offerande sisteem. Kinders verstaan hierdie eenvoudige les.

Die Bybel onderskei duidelik tussen die jaarlikse, skaduagtige sabbatte en die weeklikse vierde Gebod "die sabbatte van die HERE". (Lev. 23:38) Die **seremoniële sabbatte** het geëindig by die kruis omdat hulle oorspronklik bygevoeg is as 'n gevolg van SONDE, en sou van hier af geen verdere opvoedingswaarde hê nie. Maar die sabbat van die Tien-Gebooie-wet was geseën en geheilig VOORDAT sonde bekend geword het . . . dit is in wese ewigdurend. Die sabbatgedenkteken kan nooit verander word nie, omdat dit terugwys na 'n voltooide DAAD, net soos jou eie verjaardag nie verander kan word nie. Dit is 'n gedenkteken van jou geboorte, wat op 'n spesifieke dag plaasgevind het. My verjaardag is op 5 September, en al sê ek vir jou dit is op 10 September of al wens ek dit was 10 September, die FEIT is, dit is op 5 September.

Geen kerk het die goddelike outoriteit om God se heilige wet te verander nie. Maar God het inderdaad profeteer dat daar 'n poging sal wees om dit te verander. "En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal **probeer om tye en wet te verander**". (Dan. 7:25)

Ek het deeglike navorsing gedoen oor die verandering vanaf die sewende dag van die week na die eerste dag. Een van die mees hoogaangeprese akademiese bronne wat beskikbaar is oor hierdie onderwerp, is dr. Samuele Bacchiocchi se doktorale tesis *From Sabbath to Sunday*, hy het sy Ph.D. van die Kerklike Instituut in Rome ontvang. Die boek is beskikbaar en word gebruik as 'n standaard verwysingsbron in hoër onderrig- en kweekskole reg rondom die wêreld. Dr. Bacchiocchi het opgemerk dat daar geen historiese verwysings buite die Bybel vir Sondaghouding is, voor 100n.C. nie. Blykbaar het Christene die sabbat saam met Sondag vir 'n lang tyd onderhou omdat die verandering geleidelik plaasgevind het. Navorsing toon dat die volgende DRIE groot faktore aanleiding gegee het tot die verandering van sabbat na Sondag: anti Judaïsme, sonaanbidding en die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk.

Ek was baie verbaas toe ek die opmerking oor die oorsprong van Sondaghouding ontdek van dr. Edward T. Hiscox, skrywer van die handleiding vir Baptiste kerke. In 'n gesprek wat meer as 'n

honderd jaar gelede plaasgevind het by 'n Baptiste predikant konferensie in New York, het hy gesê: "Daar is en was 'n gebod om die sabbatdag heilig te hou, maar daardie sabbatdag was nie Sondag nie. Dit sal egter gesê word, en selfs met 'n skyn van triomf dat die sabbat geskuif is van die sewende na die eerste dag van die week, met al sy pligte, voordele en maatreëls. In my ywer om inligting oor hierdie onderwerp, wat ek al vir baie jare ondersoek, te kry, het ek gevra: Waar kan ek die bewys vind dat hierdie oordrag plaasgevind het? Nie in die Nuwe Testament nie, absoluut nie. Daar is geen skriftuurlike bewys vir die verandering van die sabbatsinstelling van die sewende na die eerste dag van die week nie". "Natuurlik weet ek baie goed, deur Christelike voorsate en ander bronne, dat Sondag in gebruik geneem is in die vroeë Christelike geskiedenis as 'n godsdienstige dag. **Maar dit is nogal jammer dat hierdie gebruik gekenmerk word deur die heidendom, gedoop met die naam van die songod, aangeneem en bekragtig deur die pouslike geloofsversaking en nagelaat as 'n heilige erflating aan die Protestantisme!" (*The New York Examiner,* 16 November 1893.)**

Sabbathouers is nie die enigstes wat daarop aanspraak maak dat die Nuwe Testament nie leer om die eerste dag te onderhou nie. In *Faith of our Fathers*, deur Kardinaal Gibbons, lees ons op bl. 98: "Jy kan die Bybel van Genesis tot by Openbaring deurlees, en jy sal nie 'n enkele sin vind wat die opdrag gee om Sondag te heilig nie. Die skrif bevestig die onderhouding van Saterdag, 'n dag wat ons nooit heilig hou nie."

Baie Christen leiers sê dat die sewendedag sabbatverpligting nie in die Nuwe Testament herhaal word nie, net die ander nege gebooie. Ek het egter nog nie 'n predikant gekry wat duidelik aan my enige direkte stellings kan uitwys in die Nuwe Testament, waar die TWEEDE GEBOD staan nie. Nog iets wat ek opgemerk het, is dat sabbathouding een van die bekendste gebruike van alle godsdienstige rituele in Israel was. Dit was so voor die hand liggend vir die vroeë Christen-kerk, dat so 'n vermaning om die sewende-dag-sabbat te onderhou, vir hulle die belaglikste ding sou wees wat enige predikant of leermeester in die Nuwe Testament kon doen. Selfs **vandag** in Jerusalem het niemand nog ooit getwyfel of oor watter dag die sabbat is nie.

Die boek van die Hebreërs verduidelik hoe die sabbat 'n simbool van Christus se verlossingswerk is. In hoofstuk 4 noem Paulus die gebrek van Israel om in God se rus in te gaan. Hulle het nie die blydskap en seëninge van die verbond ervaar nie. Dan sê hy dat diegene wat Christus as verlosser aangeneem het, wel **God se rus ingaan, die ware sabbatsrus.** Dus is die verband duidelik tussen die aanvaarding van die boodskap van verlossing en om God se rus binne te gaan (Heb. 4:1-11).

Maak seker dat jy my nou volg. Die sabbatsrus is 'n SIMBOOL van die rus in Christus se geregtigheid; dit is 'n SIMBOOL van rus in en om staat te maak op die meriete van Christus ALLEENLIK omdat dit ons kwalifiseer om ingang tot die hemel te verkry. Ons hoef nie te werk vir hierdie toegang nie. Ons vertrou daarop dat Christus die werk afgehandel het IN ONS PLEK. Al wat ek en jy hoef te doen is om Christus se ongelooflike bloedoffer aan die kruis te aanvaar en DAARIN TE RUS! Halleluja!

Tydens my ondersoek van hierdie fassinerende onderwerp, was die mees betekenisvolste, persoonlike ontdekking die volgende: Wanneer sewendedag sabbathouers die sabbat preek, is hulle as't ware besig om Jesus te preek. Hulle preek nie die sabbat waarheid as 'n koue, wetlike voorvereiste vir verlossing nie.

Al was die Tien Gebooie nooit deur God gegee nie, sou die sabbat op sy eie gestaan het, reg van die skepping af. Jesus is in die sabbat . . . dit is Sy heilige dag.. Die sabbat beteken HEILIGHEID tot God. Dit is SY MERK of TEKEN dat jy aan Hom behoort, die Bybel sê so in Eségiël 20:12 en 20. So, Jesus sit sy HANDTEKENING op jou met sy sabbat, as 'n duidelike getuienis dat JY HOM GEKIES EN AANVAAR HET AS JOU PLAASVERVANGER EN VERLOSSER. Sedert die sondeval, het die sabbat nog altyd die groot waarheid van geregtigheid

deur en geloof in die meriete van Jesus gesimboliseer. Dit is die rede waarom “die teken” nodig was in die eerste plek! Dit het vir iets GESTAAN; dit sou ’n teken wees daarvan dat jy aan die Here behoort, in afwagting op die ware rus wanneer Messias sou kom. Die offerlam was ’n seremoniële daad wat GEPAS het by die sabbat teken. Beide hierdie gebruike het LOJALITEIT aan God gesimboliseer, ’n uitdrukking van VERTROUE in dit wat nog sou kom. Verstaan jy wat die Woord van God vir jou sê?

Dus word die hele verlossingsplan in een word opgesom . . . SABBAT, en die sabbat kan in een woord opgesom word as . . . JESUS.

Die sabbat het nie net HISTORIESE belang nie, maar ook ESKATOLOGIESE (eindtyd) belang, as gevolg van sy profetiese impak (die teken van God). Die sabbat simboliseer totale rus in God, en daarom is dit ook van SOTERIOLOGIESE (verlossing) belang – dit wys na, en beliggaam die Verlosser van die wêreld.

Ek wil jou graag uitnooi om ’n klein bietjie verder met my te reis, waar ons die **basis van die verlossingsplan** gaan ontdek, omdat ons almal ’n **dilemma in gemeen het:** Hoe om ontslae te raak van ons sonde en versoen te word met God ons Hemelse Vader.

Kyk bietjie hierna: Navorsing wys dat wanneer ’n meningsopname gedoen is in die meeste Christen kerke oor die vraag: “Is jy absoluut seker van jou verlossing?” was 60-70% ONSEKER. Sommige druk hulle oortuigings so uit: “Ek dink so/ ek is miskien/ ek sal maar wag en sien of ek dit gemaak het.” HOE SEKER **kan** jy wees van jou verlossing?

’n Paar jaar gelede toe ons jongste dogter tandheelkunde bestudeer het by ’n universiteit in Kalifornië, het sy eendag op ’n besige snelweg gery. Iets het verkeerd gegaan en haar kar het hom te pletter geloop tussen n groot Vragmotor en die mediaan. Sy het sonder ’n letsel uit die ongeluk gekom maar haar kar was afgeskryf. Gelukkig het ons versekering alles gedek en die versekeringsmaatskappy het ’n redelike bedrag uitbetaal. Ons premies was op datum en ons het op die versekeringsmaatskappy vertrou.

Comment:

Ek wil nie deur die lewe gaan en God aanbid en dan op die einde van die dag nie verseker weet dat Hy my waarlik kan red nie. Kan ons honderd persent seker wees van ons verlossing? Die antwoord is: “JA!” Ons aanbid ’n God wat die ewige lewe waarborg. Al die skade sal reggemaak word en hierdie sterflike liggaam sal VERVANG word met ’n onsterflike liggaam. Kom ek wys jou WAAROM en HOEKOM ons absoluut seker kan wees.

Die Bybel is God se Woord vir die hele mensdom, maar dit is ’n Oosterse Boek wat geskryf is teen die agtergrond van die Oosterse kultuur en gebruike. Een van hierdie gebruike het die primitiewe seremonie ingesluit waarby bloed tussen twee mense oorgedra is, hierdie twee mense het dan ’n baie ernstige toewyding aanmekaar gemaak wat ’n BLOED VERBOND genoem is . . . ernstig, omdat ’n huwelik deur ’n egskeiding verbreek kon word maar ’n bloedverbond sal NOOIT verbreek kon word nie.

Natuurlik is hierdie seremonies en rituele nie net gevind en beoefen in die Ooste nie, maar ook in Afrika, Europa en selfs onder die inboorlinge van Amerika.

Verskeie verwysings na die bloedverbond word in die KLASSIEKE LITERATUUR gevind. ’n Latynse historikus lewer verslag van ’n Oosterse seremonie waar twee konings bondgenote wou word Hulle regterkantse duime was vasgemaak, iemand het die duime ’n vinnige sny gegee met ’n skerp lem, en terwyl die bloed gevloei het, het elke koning daaraan gelek! En dit is hoe hulle bondgenote geword het.

Vanmelewe af is die ARMRINGE, ARMBAND en RING gesien as SIMBOLE van VERBINDING tussen die gewer en ontvanger, dit is simbole wat ontstaan het as gevolg van die vermenging van Oosterse en Westerse kultuur. Inderdaad kom die TROUPAND ook van die oorspronklike idee van 'n bloedverbond. In die vroegste toepassing van hierdie konvensie, was die trouring aan die bruid se DUIM gedra, en daar is na huwelikseremonies verwys as DUIMTROUES.

'n Egiptiese skrywer het later opgeteken dat die verskuiwing na die ringvinger plaasgevind het as gevolg van die assosiasie tussen dié vinger en die HART . . . as die setel van lewe. Hulle het geglo dat daar 'n baie delikate en spesiale senuwee van die vierde vinger van die linkerhand na die hart loop. Ons seun is 'n dokter en ek was gretig om uit te vind of daar enige waarheid in hierdie geloof steek. Om 'n lang storie kort te maak, my seun se reaksie was: "Pa, het jy alweer die *National Enquirer* gelees?"

Of dit nou feit of fiksie is, dit is wat die Ou Volke geglo het en dit is wat regtig saak maak, en hier eindig ons kultuurles.

Ek wil nou graag nog iets interessant vir jou in die BYBEL wys. Die Ou Testament en die Nuwe Testament moet eerder die Ou Verbond en die Nuwe Verbond genoem word, omdat dit is waaroor die Bybel gaan: Die storie oor hoe God in 'n verbondsverhouding met jou en my tree. Dit is HIERDIE verbond, wat deel uitmaak van die KERN van die evangelie – die WESE van CHRISTENSKAP.

**Lees asseblief aan en luister met jou hart.**

WAT IS 'N VERBOND? Op die oppervlak kan ons die woord "verbond" definieer as "'n belofte" of "'n ooreenkoms", maar in die Bybel, beteken hierdie Hebreeuse woord, *berith*, "om verbond te sluit deur die vergieting van bloed" – 'n bloedverbond met ander woorde. Jy gaan nou een van die grootste en wonderlikste waarhede ontdek wat nog ooit aan die mens bekend gemaak is. Laat my toe om kortliks te verduidelik hoe 'n bloedverbond gewerk het in die Antieke Hebreeuse ekonomie.

Veronderstel dat ek en jy wil deelneem aan 'n Hebreeuse bloedverbond, hier volg die stappe wat ons moet neem: **Stap een,** ek trek my baadjie uit en gee dit vir jou en jy doen dieselfde. Die baadjies is simbolies van onsself en simboliseer dan hoe ons, onsself aan mekaar toewy.
**Stap twee,** ek haal nou my GORDEL af en ruil dit om met joune. In die Bybel se tyd was jou gordel die plek waar jy jou mes en wapens gehang het. Dit is simbolies van jou sterkte en krag. Hierdie omruiling beteken dat enige een wat aan jou raak, raak aan my, ek sal jou altyd verdedig.
**Stap drie,** ons sal nou 'n groot dier doodmaak byvoorbeeld 'n os en dit in die lengte deursny in die middel. Dan word die twee dele op hul rugkante gesit sodat twee mure van bloed gevorm word, waardeur ons dan in 8-vormige roete stap. Dan terwyl ons na mekaar gedraai is, maak ons twee beloftes en wys na die bloederige kante: "Ek sterf al my regte en voorregte af en ek sweer om totaal lojaal teenoor jou te wees, en as ek ooit hierdie belofte verbreek, mag God dan aan my doen wat ons aan hierdie dier gedoen het."
**Stap vier,** nou sny ons onsself. Het jy al ooit gewonder waar die idee vandaan gekom het om mekaar met die hand te groet, of waarom getuies hulle regter hand in die hof moet lig? Dit kan alles deurgetrek word na hierdie stap. Ons neem nou 'n skerp lem en gee ons handpalms 'n vinnige sny, soos wat die bloed begin vloei, bring ons, ons handpalms bymekaar met 'n stewige handdruk. Die litteken sal altyd daar wees om ons te herinner aan hierdie verbond.
**Stap vyf,** laastens word die seremonie afgehandel met 'n gedenkmaal. Ek neem 'n stuk brood en sit dit in jou mond en gee ook vir jou wyn en sê dan : "Ek gee my liggaam en my bloed vir jou". Jy sal hierdie gebaar herhaal en VAN DAARDIE DAG AF sal ons in die laer van Israel bekend staan as BLOEDBROERS! (Herinner dit jou nie ook aan die nagmaal nie?) Hou asseblief aan lees want DIE BESTE KOM NOG!

Nou is daar nog een ding wat jy moet onthou ten opsigte van ons BLOED-VERBOND: Ons kinders is ook betrokke, selfs ons ONGEBORE KINDERS.

Laat my toe om vir jou 'n voorbeeld van 'n bloedverbond in die Ou Testament te wys:

> En nadat hy sy gesprek met Saul beëindig het, het die siel van Jónatan verkleef geraak aan die siel van Dawid, en Jónatan het hom liefgekry soos sy eie siel. En Saul het hom dié dag geneem en hom nie na sy familie laat teruggaan nie.
>
> Toe sluit Jónatan met Dawid 'n verbond, omdat hy hom liefgehad het soos sy eie siel. Daarby trek Jónatan sy mantel uit wat hy aangehad het, en gee dit aan Dawid; ook sy klere, ja, selfs sy swaard en sy boog en sy gordel.
>
> 1 Sam. 18:1-4

Dit is duidelik dat daar 'n wedersydse band van belangstelling, respek en liefde tussen Dawid en Jónatan was. Hulle het die besluit geneem om deel te neem aan 'n Hebreeuse bloedverbond en in 1 Samuel 18:4 word sommige van die stappe genoem. Onthou hulle kinders, self die wat nog nie gebore was toe die verbond gesluit is nie, is ook betrek. So het die tyd aangeloop en Saul en Jónatan is dood, in 1 Samuel 31:12 sien ons dat hulle VERBRAND is. Dit is op hierdie tydstip dat die res van Saul en Jónatan se familie verstrooid geword het, hulle is onder 'n valse indruk gebring dat Koning Dawid hulle as vyande gesien het, en het dus in uiteenlopende rigtings gevlug.

Die jare het verby gegaan en eendag is Koning Dawid herinner aan sy verbond met sy vriend Jónatan. Miskien het hy die litteken op sy palm gesien. Volg saam met my in 2 Samuel 9:3 en 5-7.

> En die koning vra: Is daar nie nog iemand van die huis van Saul, dat ek die guns van God aan hom kan bewys nie? Toe sê Siba aan die koning: Daar is nog 'n seun van Jónatan, wat lam is aan altwee voete. [...] Daarop het koning Dawid gestuur en hom laat haal uit die huis van Magir, die seun van Ámmië, uit Lódebar. Toe Mefibóset, die seun van Jónatan, die seun van Saul, by Dawid inkom, het hy op sy aangesig geval en hom neergebuig. En Dawid het gesê: Mefibóset! En hy het geantwoord: Hier is u dienaar. En Dawid sê vir hom: Wees nie bevrees nie, want ek sal jou sekerlik guns bewys ter wille van jou vader Jónatan en al die grond van jou vader Saul aan jou teruggee, en jy self sal altyddeur aan my tafel brood eet.

Dawid het uitgevind dat Jónatan 'n seun gehad het met die naam van Mefibóset, wat in die woestyndistrik van Lodebar gewoon het. Al was hierdie seun van Jónatan, wie se voete altwee lam was, nog nie gebore op die tydstip wat sy vader 'n verbond met Dawid aangegaan het nie, het hy 'n wetmatige, bestaande belang in alles gehad wat aan Koning Dawid behoort het. Let op dat Mefibóset na homself verwys as "'n dooie hond" in 2 Samuel 9:8. Maar Dawid het nie belanggestel in hoe goed of sleg Mefibóset was nie, al wat saak gemaak het, was dat hy 'n verbond aangegaan het lank gelede met sy beste vriend, Jónatan. Hy was nou gekonfronteer met die nageslag van sy bloedbroer en het 'n wetlike verantwoordelikheid gehad: "Ek sal jou sekerlik guns bewys **ter wille van** jou vader Jónatan". (2 Sam. 9:7)

**HIER KOM DIE GOEIE NUUS! Sowat 2000 jaar gelede het Jesus JOU ingesluit in 'n bloedverbond wat Hy met God die Vader gesluit het nog voordat jy GEBORE was!** Jy was IN Jesus Christus toe Hy die bloedverbond op die kruis gesluit het. Ja my vriend, toe Hy op die kruis genael was, het Hy aan jou en my gedink!

**"Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My." (Jes. 49:16) Dit is onbeskryflike genade!**

Hier kry jy die **ware rede** waarom God al jou sonde vergewe en jou in sy gesin opneem, ongeag hoe goed of sleg jy is! Halleluja! Jou verlossing hang nie af van enige daad van jou kant af nie, jy is geregtig daarop omdat JY DEEL IS VAN 'N WETLIKE OOREENKOMS, 'n ooreenkoms wat erken word in die hemelse hof. Jy kan REGMATIGLIK aanspraak maak op die vergifnis van jou sonde! Kom ek wys jou, jou waarborg in die Bybel:

> **En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.**
>
> **1 Joh. 5:11-13**

Lees dit weer en sien vir jouself.

Lees nou saam met my Romeine 5:10: "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons **deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is."**

Hoe reageer jy hierop? Wat het Mefibóset gedoen toe hy hierdie ontdekking gemaak het? Hy het 'n besluit geneem – 'n goeie een: "En Mefibóset het in Jerusalem gewoon, want hy het altyd deur aan die koning se tafel geëet; en hy was lam aan altwee voete." (2 Sam. 9:13)

Ek het ontdek dat, as gevolg van my regmatiglike erfporsie, volgens God se bloedverbond, die Here nie probeer om "my uit te vang" nie, maar dat Hy alles moontlik WIL doen om my te RED. Dit is waar om God sy enige gebore Seun vir **ons** GEGEE het. Baie mense stry oor WIE JESUS DOOD GEMAAK HET . . . was dit die Romeine of die Jode? Die antwoord is: nie een van die twee nie. God het Jesus as 'n offer gegee om verlossing te koop. Onthou jy die storie van Abraham en Isak? Abraham was op die punt om sy seun se lewe te neem, toe God 'n plaasvervanger gegee het. Ongelukkig het God die Vader nie dieselfde ervaring gehad nie. Toe die tyd nader vir Hom om Jesus te offer, was daar GEEN PLAASVERVANGER nie! Dit wat Abraham nie nodig gehad het om te doen nie, HET GOD GEDOEN . . .

Ek glo dat, as God SY HEEL BESTE GEGEE het om my te red – gaan hy definitief nie sy beste probeer om jou uit die Hemel te hou nie. Luister my vriend: **Dit is baie makliker om gered te word as wat baie wet aanhangers wil hê jy moet glo.** Wanneer ons tot Christus nader, is Hy bewus van ons agtergrond van meer as 6 000 jaar van sonde, en Hy weet die duiwel is nie op pensioen nie, hy sal aanhou om ons in versoeking te lei, in versoeking te lei, in versoeking te lei, in . . .. Jesus los vir ons baie spasie om te groei en ontwikkel. Die kinderliedjie sê: "Jesus is lief vir my wanneer ek goed is en dinge doen wat ek moet; Jesus is ook lief vir my wanneer ek stout is, maar dit maak Hom baie hartseer." **Die waarheid en die heerlikheid van die evangelie is: Ek is NIE verlore elke keer as ek sondig nie. Waarom nie? . . . omdat SY perfekte sondelose lewensgeskiedenis in die plek van my bevlekte lewensgeskiedenis staan, en God sien my aan asof ek nooit gesondig het nie! Halleluja! Wanneer jy God se Sabbat hou, gemotiveer deur onvoorwaardelike liefde, is die dieper implikasie dat jou oordeel VERBY is! Iemand anders het jou plek geneem. Kom ek sê dit weer: wanneer jy die ware sewende-dag-sabbat hou is jy GEMERK deur God, dit wys sy HANDTEKENING van eienaarskap. Die sabbat word 'n getuienis wat wys dat jou oordeel na JESUS geskuif het. Jy is IN DIE GELIEFDE!** Het jy jou keuse gemaak? Jy kan hierdie besluit nou maak!

"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan." (Joh. 5:24)

**Comment:** *The word "condemnation", properly translated from the Gr. **Krisin**, is the word "judgment"…. = het dit nie ingesit nie, ek voel die Afrikaanse teks in die Bybel is duidelik genoeg.

Jy is dalk in die versoeking om die volgende vraag te vra: As die “einde” van my soektog Jesus is, waarom moet ek bekommerd wees oor **gehoorsaamheid**? Is dit nie ’n vorm van “werke” nie?

Gaan ons nie ook volgens ons werke geoordeel word nie? Die eintlike vraag is: Hoe reageer jy en lewe jy NADAT jy Christus aanvaar het? Dit lyk vir my dat ons nie vir Jesus net met ons lippe moet dien nie, maar om gehoorsaam te wees en vir Hom te LEWE is baie belangrik. Goeie werke (aksie), sal ’n natuurlike gevolg (reaksie) wees van ons verlossing. (Ef. 2:10)

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.” (Matt. 7:21)

Natuurlik, kan ONS nie hierdie gehoorsaamheid uit ons eie krag voortbring nie. Die apostel Paulus het dieselfde probleem gehad: “Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.” (Rom. 7:18, 19)

Ek het die antwoord wat die Bybel hierop gee in Johannes 15:4-5:

> Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; **want sonder My kan julle niks doen nie**.

Jesus stel die vrugte van gehoorsaamheid gelyk aan die vrugte van die wynstok. Druiwe is die natuurlike gevolg op die takke van ’n goeie wynstok. Die vrugte groei spontaan en die takke hoef nie baie hard te werk om enige druiwe te produseer nie. In Galasiërs 5:22,23 is ’n lys van die vrugte wat jy en ek veronderstel is om te dra: “Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie.”

Hierdie goeie deugde word nie verwag VIR verlossing nie, maar is eerder die natuurlike gevolg VAN verlossing.

Enige goeie werk of gehoorsaamheid in ons lewens word deur Jesus
(DIE WYNSTOK) geproduseer.

> MAG die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, *naamlik* onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.
>
> Heb. 13:20, 21

Dit lyk vir my dat wanneer ek Jesus aanvaar het, ek aangesien word,as VOLKOME GEHOORSAAM! Onthou tydens die oordeel sien God JESUS IN JOU PLEK STAAN! SHOE! Is Jesus nie wonderlik nie! Laat jou verbeelding toe om ’n bietjie op loop te gaan met jou. As Jesus nounet in persoon voor jou kon verskyn, sou Hy jou in sy arms neem, jou ’n drukkie gee en in jou oor fluister: “EK IS LIEF VIR JOU, HOU NOG NET ’N KLEIN RUKKIE LANGER UIT, JY IS AMPER BY DIE HUIS.”

**Die duiwel sit agter die vierde dilemma** – hy is die ophitser en die bron van die nagemaakte sabbat . . . en hy hou steeds die blinddoek oor miljoene Christene se oë vandag. Dit maak nie saak hoeveel keer die predikant lees: “maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God”, die blinddoek forseer hulle om te hoor “die eerste dag is die sabbat van die HERE jou God”. Die enigste Een wat die blinddoek kan afhaal is Jesus – maar jy moet die twee

karaktereienskappe hê wat ek reg in die begin genoem het: jy moet 'n eerlike persoon wees en nie bang vir dit wat ander mag sê as jy nie dieselfde glo as hulle nie. Ek glo dat jy definitief die Heilige Gees toegelaat het om jou te lei in "die hele waarheid".

"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig." (Joh. 16:13)

**Ons moet God se Heilige Gees toelaat om die Tien Gebooie op ons HARTE te graveer, eerder as op 'n koue, graniet monument in Alabama!**

Dit is dan waar my eie, persoonlike soektog vir die finale waarheid eindig wat die sabbat en verlossing betref. Die boodskap wat my beskore was om te leer en te preek op verskillende kontinente van hierdie wêreld, was 'n eenvoudige boodskap: Ek het probeer om die balans te bring tot die begrippe "wet" en "genade". Ek het my beste probeer om diegene te help, wat gewillig was om te luister, om die onmoontlikheid te verstaan vir die gevalle mens om enige sielsreddende meriete met hulle eie inspanning en goeie werke te verdien. Ek het probeer om so duidelik as moontlik aan te toon dat verlossing die aanvaarding en geloof in Jesus Christus se verlossingsplan is: "Die boodskap van geregtigheid deur geloof in Jesus Christus ALLEEN."

Ek vertrou dat jy hierdie waarheid ontdek het terwyl jy hierdie boekie gelees het. As jy nog geen toewyding aan God gemaak het nie, bid asseblief hierdie klein gebed saam met my nou: **Hemelse Vader, ek bely dat ek 'n sondaar is en dat ek nie myself kan help nie. Ek aanvaar U groot geskenk naamlik U Seun Jesus, wat in my plek gesterf het. Omdat U al my sondes vergewe het, gee ek nou die res van my lewe aan U. Doen met my wat U dink die beste vir my is, lei my deur U Gees. In Jesus naam, AMEN.**

Al wat jy nou hoef te doen is om aan te hou om saam die Koning te loop . . . en ek sal jou sien by die hek aan die Ooste van die Nuwe Jerusalem en op die Nuwe Aarde wanneer daar op "elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat [...] alle vlees (sal) kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE." (Jes. 66:23)

NS. net nog een ding . . . skryf asseblief vir my 'n brief of stuur 'n e-pos oor jou besluit. Jesus is lief vir jou . . . en ek is ook. PEB

**SPESIALE VENNOTE UITNODIGING!**

Ons wil graag jou die geleentheid bied om ons te help om ons doelwit te bereik om **TWEE miljoen kopieë** van *Die Vierde Dilemma* te druk en te versprei. Ons glo dat elke opregte, waarheid soekende Christen so 'n kopie moet hê, en **VERAL** elke CHRISTELIKE PASTOOR, DOMINEE **in** die wêreld. Hierdie boekie word tans in verskeie tale vertaal.

**DRIE VOORSTELLE:**

1. Stuur vir ons deur u Bank 'n donasie, en ons sal dit uitsluitlik gebruik vir die **GRATIS** verspreiding van dié boekie. Ons Bank besonderhede verskyn op die volgende bladsy.

2. Bestel soveel boekies as wat jy met gemak kan hanteer en versprei dit soos herfsblare: Aan jou eie familie, vriende en bure . . . of versprei dit in die straat, of self jou hele dorp of voorstad waar jy woon.

3. Ons sal dit waardeur as jy hierdie projek sal herinner in jou stiltetyd en dat jy sal bid vir die eindbestemming van hierdie boekies: die harte van afwagtende manne en vroue.

Vir navrae en kommentaar oor die inhoud van hierdie boekie, kontak KAMPIOENE per Faks na e-pos **0866343106** of e-pos aan **geib@mweb.co.za**

Vir die ENGELSE weergawe kontak Dr. P E Barkhuizen :- radiogoodhope@aol.com of P.O. Box, 24053, Chattanooga, TN 37422 USA

Die Suid Afrikaanse "ENGELSE" weergawe wat tans slegs op rekenaar beskikbaar is kan van die "Kampioene", deur internet bekom word. Lees dit vanaf die rekenaar skerm of druk dit uit in boek vorm. Die voltooide Engelse boekies word direk vanaf die redakteur bestel.

"Forward" die e-pos formaat na al u vriende. GRATIS

Indien u dié foto wil vergroot, KLIK op die foto. Plaas die pyltjie in die hoek van die foto en trek dit uitwaarts.



n Geordineerde predikant, Pieter Erens Barkhuizen, is ook 'n skrywer en besoekende professor van sistematiese teologie. Tans is hy semi-afgetree en bly saam met sy vrou , Yvonne, in die mooi Sequatchie Vallei, naby South Pittsburg, Tennessee, VSA. Hulle het vier volwasse kinders, almal betrokke in medies. Pieter het sy BD. M.Th. en Th.D. grade (Trinity) behaal, asook 'n nagraadse H.E.D. (Psyc) by die Universiteit van Kaapstad, Suid-Afrika. Sy stokperdjies sluit in argeologie, forelle vang en om Ultra-ligte vliegtuie te vlieg. (2006)

Neem asseblief hierdie GRATIS kopie van een van die mees uitdagende boekies wat jy ooit kan lees. Dit is geskryf teen die agtergrond van die nuut vasgestelde TIEN GEBOOIE KOMMISSIE en die jaarlikse viering van die TIEN GEBOOIE DAG.

Vind uit of dit moontlik is om die Tien Gebooie terug in ons skole, werkplekke en harte te kry en ter selfde tyd hulle teen die kruis vas te nael?

Is jy geestelik sterk genoeg om die VIERDE DILEMMA TE OORKOM?

Stuur u DONASIES aan:

Rekening naam: **KAMPIOENE**
NEDBANK Kode 190242
REKENING NO. 1902 248945
Oorsee se inbetaal kode: NEDSZAJJ

Gebruik u 'Naam en Van' as VERWYSING

Faks asseblief die bewys van u inbetaling aan 0866343106
Of
e-pos aan:- geib@mweb.co.za

Enige donasie, is welkom, en sal uitsluitlik gebruik word vir die GRATIS verspreiding van DIE VIERDE DILEMMA boekie.
BY VOORBAAT BAIE DANKIE

DOELSTELLING:

2 000000 boekies in AFRIKAANS in SUIDER AFRIKA
20 000000 in ENGELS in die VERENIGDE STATE van AMERIKA
Portugees, Frans, Spaans, Italiaans, en Duits is in die pyplyn

U Posadres en e-pos adres sal vir toekomstige korrespondensie op rekord geplaas word.